waarheid & dwaling

MAANDBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS - JAARGANG 5, NO 1/2, JAN/FEB. 1999

# Oop gesprek

Die begrip van 'n oop gesprek is by ons gepopulariseer deur die digter NP van Wyk Louw. Daarmee het hy bedoel dat mense wat verskil openlik en eerlik met mekaar kan praat sonder om die raamwerk waaruit die teenstander redeneer as ongeldig te verklaar. Enige gesprek moet dan volgens die reëls van logika verloop en elke argument moet op sy eie bene staan. Van Wyk Louw het hierdie benadering gevolg met sy kritiek op die letterkunde en digters.

Is so 'n siening - van twee teenstrydige standpunte as ewe geldig - 'n aanwins of 'n aanval op die kerk? Is 'n oop gesprek 'n goeie ding en is dit nie wat die kerk tans nodig het nie ? Veral as ons die onlangse gesprekke in die GKSA moet beoordeel. Ons kan twee voorbeelde hier noem: die uiteenlopende resensies oor die boek van prof. Willem de Klerk en reaksie op prof. Bennie van der Walt se onlangse artikel in Woord en Daad.

Sommige gesprekke kan ongelukkig te oop wees, wanneer daar oor basiese waarhede verskil word. Natuurlik moet liefde altyd die rigsnoer van enige gesprek wees, veral 'n kerklike gesprek. As ons egter 'n oop gesprek benadering volg, loop dit onvermydelik uit op die relativering van die waarheid. Uiteindelik is die enigste troos en regverdiging maar geleë daarin dat daar tot die gevolgtrekking gekom word: 'dit is maar hoe ek die waarheid verstaan; jy kan maar verskil; ek sal jou en jou ander waarheid nog steeds liefhê'.

'n Kerklike gesprek moet altyd liefdevol rondom die geopenbaarde waarheid geskied. As 'n oop gesprek nie volgens die waarheid word nie, verander die kerklike gesprek meer in 'n evangelisasie gesprek. Vir die kerk is daar net een waarheid en dit moet neerslag vind in ons gesprekke.

Van die redaksie

Die redaksie wil almal bedank wat so getrou hulle bladgelde aanstuur - dit word waardeer. ons wil die lesers ook aanmoedig om ander mense aan die blad bekend te stel. dit is selfs 'n goeie idee om 'n jaarinskrywing as 'n geskenk aan iemand te gee.

Die inskrywingsgeld vir 1999 bedra R60. Donasies word aangewemd vir wyer bekendstelling.

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

**INHOUD**

1 **Redaksioneel**
*Oop gesprek*
1 **Skrifoordenking**
*Die blye tyding*
Dawid Serfontein
3 **Fokus**
*Die swaard as snymes*
Ds ALA Buys
5 **Mediese Etiek**
*In die Here sterwe*
Dr JA Boon
8 **Op pad na sinode 2000**
*Bewaar die eenheid van die Gees*
Dr JG Meijer
12 **Aktueel**
*Die gawes van die Heilige Gees in Bybels-teologiese perspektief (2)*
Prof L Floor
14 **Persskou**
• *Gedopte of omgedopte doppers?*
• *Studiestuk oor seksuele vraagstukke*
• *Poligamie, ditsem*
Ds GJ Meijer
16 **Boekrak**
*The Church as God's armory*
Gustav Opperman
17 **Uit die verlede**
*Die nuwe opvattinge omtrent die Bybel*
Prof JD du Toit (Totius)

---

## SKRIFOORDENKING

# Die blye tyding

**Dawid Serfontein**
Potchefstroom

In Luk. 2:10-11 noem die engel sy boodskap aangaande Jesus se geboorte " 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is." Tog het die grootste deel van die destydse Israel, die Jodedom tot vandag toe en die wêreldbevolking in geheel nooit hul bestemde blydskap in Christus ontvang nie, want hulle het Hom verwerp. Waarom? Waarom sou duisende mense die gratis geskenk van die ewige lewe deur geloof in Jesus Christus weggooi? En waarom is dit so dat selfs ons wat waarlik in Christus glo en totaal deur Hom verlos is, dikwels nie die volheid van ons bestemde blydskap beleef nie? Die antwoord lê in die inhoud van die evangelie van Jesus Christus:

**"Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here."** (2:11)

## Buig voor Christus se koningskap

Die Engel se woorde in vers 10 kan ook vertaal word as "Ek bring 'n evangelie aan julle". Die inhoud van sy blye evangelie is dat die Seun van God gebore is en wel as die Verlosser, Christus die Here. Dat Jesus die Verlosser, en wel die **enigste** weg tot verlossing is, is aan gelowiges uit die gereformeerde wêreld baie goed bekend. Dat ons die verlossing as 'n vrye genadegawe van God, sonder enige verdienste aan ons kant en deur geloof in

Christus alleen ontvang (Ef 2:8-10), is net so bekend en sal in die res van hierdie oordenking veronderstel word. As die evangelie van Jesus Christus egter by sy verlosserskap geëindig het, dan sou seker baie meer mense op aarde Christus aangeneem het. Die Engel voeg egter by dat Jesus ook "Christus die Here" is:

Die Nuwe Testamentiese term 'Christus' beteken 'Gesalfde van die Here' en verwys na die 'Messias' van die Ou Testament. God het deur sy Ou Testamentiese profete die Messias enersyds aangekondig as die magtige Koning wat Israel se vyande sou vernietig en andersyds as die nederige Kneg van die Here, wat Homself soos 'n lam ter slagting sou laat lei, en deur sy smartlike dood die skuld vir sy volk se sondes sou dra (Jes 53).

Dat Jesus ook 'Here' is, was vir baie Jode en is vir baie mense van vandag een te veel: 'Here' was die woord waarmee 'n slaaf sy heer en 'n onderdaan sy koning aangespreek het. Dat Jesus 'Here' is beteken dus dat wanneer ek Hom gelowig aanneem, ek nie langer my eie baas mag bly nie. As ek Hom erken as my Here, dan moet ek myself ook oorgee om sy dienskneg, ja selfs sy slaaf te wees. Lees nou Luk 9:18-26 (NAV) om te sien hoe Jesus self die betekenis van sy Messiasskap en Heer-/koningskap aan sy dissipels verduidelik:

Dit is uit parallelle gedeeltes in Matteus 16 en Markus 8 baie duidelik dat die dissipels en veral Petrus op hierdie stadium nog nie wou aanvaar dat Jesus die lydende Messias van God is wat eers vir die volk moes sterf voordat Hy sy koninklike troon sou bestyg nie. Petrus het selfs vir Jesus bestraf toe Hy aangekondig het dat Hy na Jerusalem gaan om daar te gaan sterf. As Petrus dus hier in vers 20 sê dat Jesus 'die gesalfde van God' (= die Christus = die Messias) is, dan bedoel Petrus nog dat Jesus 'n Messias is wat eersdaags deur sy Goddelike almag die Romeine in die see sou jaag en as Koning van Israel in Jerusalem op die troon sou gaan sit. Dit is presies wat die Jode ook van hul Messias verwag het. Weens die mense se verkeerde verstaan van sy messiasskap, verbied Jesus hier sy dissipels om vir die mense te vertel dat Hy die gesalfde Messias van God is (9:21). Jesus se pad op na die hemelse troon loop immers eers af na Getsemane en Golgota (9:22). Met hierdie lydingsaankondiging skok Jesus sy dissipels, want Hy slaan hul verwagtinge vir 'n politieke verlosser aan skerwe. Jesus bring egter nou 'n nog groter skok vir sy volgelinge. Nie alleen gaan Jesus self die kruispad stap nie, nee elkeen van hulle (en van ons) wat gered wil word moet Jesus volg op hierdie pad van selfkruisiging (9:23,24): **"As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem en My volg, want elkeen wat sy lewe wil behou, sal dit verloor, maar elkeen wat sy lewe om my ontwil verloor, sal dit behou."**

Daar is dus geen maklike pad na die ewige lewe nie. Jesus Christus is geen 'Kersvader tipe liewe Jesus' wat die geskenk van ewige lewe sommer maar uitdeel aan elkeen wat darem die kersverhaal van 'die kindjie in die krip' en van 'die Verlosser aan die kruis' glo nie. Nee daar is geen goedkoop genade nie, want Jesus is nie net Verlosser nie. Hy is ook Here en Koning. As Koning eis Hy nou elkeen van ons se hele lewe vir homself op. Christus is nie bereid om tweede viool in ons lewens te speel nie. Daarom eis Hy dat ons elkeen onsself verloën, elke dag ons kruise opneem en Hom volg. So radikaal is Christus se eis dat elkeen wat maar selfs net sy lewe wil behou, m.a.w. nie bereid is om vir Christus te sterf nie, sy lewe vir ewig sal verloor. Elkeen wat egter sy lewe ter wille van Christus prysgee, sal dit vir die ewige lewe behou. Uit sy bevel om **elke dag** ons kruis op te neem en Hom te volg, is dit egter duidelik dat Jesus hier van sy volgelinge nie net eis om bereid te wees om eenmalig vir Hom te sterf nie. Nee, Hy eis dat ons elke dag onsself verloën en ons lewens sal verloor deur dit wat ons vir onsself uit hierdie lewe wil hê, prys te gee ten einde ons lewens elke dag aan Hom te wy en aan die taak waartoe Hy elkeen van ons geroep het. Christus se eis dat ons Hom moet dien en gehoorsaam, bring daagliks vir ons groot take, verpligtinge en opofferinge mee. Dit is die kruis wat ons elkeen elke dag moet opneem in ons navolging van Christus.

Hierdie eis van Jesus beteken onder andere dat dit 'n gelowige nie vrystaan om byvoorbeeld sommer maar net die beroep te kies waarin hy/sy die meeste geld sal maak nie. Nee, ook elkeen van ons se beroepslewe moet voluit in diens van Christus staan. Daarom is ons elkeen verplig om biddend te soek na die roeping van Christus vir ons lewens. Hierdie roeping is nie beperk tot beroepe soos predikant of sendeling nie. Nee, die hele aarde moet vir Christus bestuur word en sy woorde moet op elke terrein van die lewe geproklameer word. Die plaas, die rugbyveld, die werkswinkel, die parlement ... Christus is nie net Koning van die kerk nie, Hy is Koning van die heelal. Christus se gesag word dikwels misken oor sake soos die aanwending van mag in die staatsdiens, die aanwending van geld in die privaatsektor, die heiligheid van die huwelik en die ydellike gebruik van sy Naam ens. Ja, God se wet word vandag wyd geminag. Selfs by gelowiges is daar dikwels 'n groot skeiding tussen wat hulle Sondag in die kerk bely en Maandag tot Saterdag in die gewone lewe doen. Baie Christene meen besigheid is mos maar besigheid. As hulle dus hulle boeke doen of hul belastingvorms invul, dan ignoreer hulle gerieflikheidshalwe Christus se wet. Bo en behalwe om self ons Koning se wet te gehoorsaam, moet ons as gelowiges ook getuig teen onreg en sonde in ons onmiddellike omgewing en in die wyer samelewing, want Christus eis dat ons ons nie sal skaam vir Hom en vir sy Woord nie. Ons moet dus ook getuig van die ewige straf in die hel wat God beskik

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos: jgmeijer@iafrica.com
*Medewerkers:*
Prof JC Coetzee
Prof L Floor
Prof GJC Jordaan
Dr JM Boon
*Administrasie-adres:*
Veritas
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)
*Intekengeld:*
R 60 per jaar
*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha
*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031

het vir elkeen wat weier om te buig onder Christus se gesag en van die ewige lewe wat wag vir elkeen wat hom/haar tot Christus bekeer.

Ons kom egter dikwels in die versoeking om maar in te val by die wêreld en te leef asof ons Jesus nie ken nie. Onthou dan sy waarskuwing (Luk 9:24-26): Die kool is die sous nie werd nie. Wie nou sy lewe en die genot van hierdie wêreld bo Christus stel, sal in hierdie lewe al ten gronde gaan en sal op die oordeelsdag die ewige straf in die vuur van die hel ontvang. Moet dit daarom nie waag om Jesus nou voor die mense te verloën nie, want as u u nou vir Jesus en sy woorde skaam, sal Hy Hom vir u skaam wanneer Hy kom, beklee met sy heerlikheid en die heerlikheid van die Vader en van die heilige engele. Ondersoek daarom nou uself: As u vir uself in plaas van vir Christus lewe moet u besef dat u beslis nie die ewige lewe het nie. Bekeer u dan vandag tot Christus en gee uself oor om sy slaaf te word en Hy sal u die ewige lewe skenk. Ons wat egter reeds gelowig buig onder Christus se koningskap moet onsself elke dag nog meer wy aan sy diens, want as ons Koning eis Christus ons hele lewe vir Hom op.

## Rus in Christus se koningskap

Christus het egter nooit bedoel om met sy streng eise sy ware gelowiges angsvallig te maak of om ons aan te spoor om deur ons dade van gehoorsaamheid die ewige lewe te probeer verdien nie. Daarom roep Hy ons na Hom toe met die belofte van sielerus en met die versekering dat Hy sagmoedig en nederig van hart is en dat sy juk sag en sy las lig is (Matt 11:28-30). Slaaf wees van Christus bring dus sielerus omdat dit 'n lewe is in konstante gemeenskap met Christus, 'n lewe van voortdurend gelei en getroos word deur sy Gees wat in ons woon.

Christus se koningskap bring voorts vir ons rus deurdat Hy ons verlos van die las van ons eie koningskap: Nou hoef ek nie meer angsvallig my vordering in die lewe aan my buurman s'n te meet nie. Nou hoef en mag ek my ook nie meer bekommer oor die dag van môre nie. Christus se slawe moet hulle maar net beywer vir die koninkryk van God en Hy sal in al hul behoeftes voorsien.

Verskraal daarom nie die evangelie van Jesus Christus tot sy verlosserskap nie, maar gee uself elke dag volkome oor as 'n slaaf onder sy koningskap en Hy sal u volkome rus gee vir u gemoed. Vertrou egter vir u verlossing geensins op hierdie gehoorsaamheid van u nie, maar rus volkome in die verlossing wat Christus kant en klaar vir u verdien het. Dan sal die blydskap wat God deur die engel beloof het u lewe volkome beheers tot op die dag wat Christus ons sal innooi in die ewige vreugde wat Hy vir u verdien het.

---

FOKUS

# DIE SWAARD AS SNYMES

## die noodsaak van 'n gereformeerde staatsleer

**Ds ALA Buys**
Piet Retief

Kom dit by swaarde, is die gereformeerdes in Suid-Afrika dadelik in 'n warbos. Die beeld van 'n swaard, wat by Paulus ontleen word (uit Rom 13:4 ". -want hy dra die swaard nie verniet nie..."), word dikwels gebruik om staatsmag en staatsplig mee aan te dui. Hierdie jaar is weer verkiesingsjaar; ongelukkig gaan die meeste gereformeerdes hulle nie kwel oor die noodsaak van 'n gereformeerde staatsleer nie. Al waaroor hulle uitsluitsel wil hê is of hulle gaan stem en dalk vir wie of teen wie.

Hierdie gebrek aan ywer om 'n ware gereformeerde staatsleer tot uitvoering te bring het verskeie oorsake. Daar is verskillende reaksies van Christene as dit by staatsake kom[1].

Hierdie reaksies val in drie uiteen:

### Die swaard begrawe:

* Die piëtistiese benadering word al hoe gewilder onder gereformeerdes. Dis die ou volstruis benadering wat net sielerus in die HEMEL wil hê. Dis mense wat bly is dat Christus red, maar wat die res van die wêreld (in ons geval die "nuwe" Suid Afrika) grotendeels aan die satan oorlaat, veral nou die ANC regeer. Hierdie Christene kruip weg in die kerk (omgewing) met uitsprake soos: "die wêreld is boos en die duiwel los"; om die beeld van die swaard hierop toe te pas - die Christene begrawe die swaard en beskou die politiek as vuil, iets waarmee 'n opregte gelowige niks behoort te doen te hê nie. Die mense beskou dit as onrealisties en 'n mors van (sending) tyd dat ons 'n gereformeerde staatsleer in werking stel in Suid Afrika. Vir mense wat moedeloos is oor die landsituasie word die piëtisme 'n handige verskoning om alles in die kerk te doen en niks in die koninkryk van God nie.

Hierdie mense gaan ook nie in die verkiesing stem nie. Die motief? Hulle wil groei in heiligmaking.

[1] vgl. DJ Morphew se boek *South Africa, the powers behind - understanding the complex forces at work*, 1989:20-22, Struik Christian Books.

[2] Vgl. Van den Berg, 1983:22, *Die Middeleeue*, Butterworth

[3] vgl. Kuyper se *Antirevolutionaire Staatkunde*, I gl 7:97.

4 *In die Skriflig*, 1989, 23:91, p.12-23 "Die pluriformiteitsleer van Abraham Kuyper

## Die swaard op die kansel

* Die tweede benadering is die Konstantynse benadering tot die staatkunde wat sê dat die kerk en staat baie naby mekaar staan, soveel so dat die een eintlik as deel van die ander gereken word. Hier moet sending met die swaard gedoen word. Die kerkhoof is ook die politieke hoof en moet toesien dat God se saak bevorder word. Dit is uit en uit 'n Roomse siening waar die pous, as Christus se stadhouder op aarde, ook die hoof van die state van die wêreld is. Hierdie siening het, in aangepaste vorm, ook baie aanhangers onder die gereformeerdes - veral as art. 36 .N.G.B. verkeerd verstaan word asof die staat die Woordbediening moet reël. Hulle wil die swaard ook op die kansel hê.

Hierdie groep mense hoop heimlik op 'n groot (finale) oorlog wat in die land sal uitbreek of 'n staatsgreep waar die wil van God dan in Suid-Afrika met militêre mag toegepas sal word.

## Die geleende swaard

* Derdens is daar die "koninkryk van God" benadering of paradigma. Hierdie mense erken dat God die Skepper en Hoof is van alle dinge en wil stem sodat die gelowige 'n rol speel om God se wil in die staatkunde na vore te bring. Hulle stem in dat daar twee ryke is, Babel en Jerusalem, wat in stryd is met mekaar en dat daardie stryd regoor elke lewensverband op aarde strek. Die koninkryk van God is vir hierdie groep rigting gewend. Hulle wil stem sodat die koningskap van Jesus Christus in die staatsryk erken word.

Die groep mense wil dus beïnvloedend op die politiek inwerk. Dit is mense wat druk uitoefen dat Christelike norme en waardes 'n plek in die staatslewe kry. 'n Groot deel van hierdie groep ondersteun óf individuele menseregte óf universele volksregte as die vergestalting van God se wil vir die staatslewe. Hulle erken die gebrokenheid van die lewe en die herstellende krag van God. Alhoewel hulle Christus se regering erken, werk hulle nie met spesifiek Christelike denkmodelle nie. Hulle werk dus met geleende swaarde. Dit is mense wat vir Christene gaan stem, sonder om seker te maak dat dit wat daardie Christene voorstaan werklik God se wil is.

Hoewel die laaste benadering baie meer sê oor Christus se Koningwees as die ander twee benaderings bly daar tog enkele gebreke.

## Wat moet ons met die swaard maak ?

- Ons durf dit nie begrawe nie, want dan ontken ons dat Jesus Christus Here is van die geskiedenis en dat Hy sê het oor alles in sy skepping. - Ons mag die swaard nie kansel toe dra nie, want waar die kerk en die staat so naby aan mekaar staan vind daar altyd verwêreldliking van die kerk en verdraaiing van die evangelie plaas[2]. Die staat eis sy pond vleis van die kerk, in ruil vir amptelike beskerming en bevordering.
- Ons mag ook nie tevrede wees om heidense staatsmodelle af te stof en op te dis as gereformeerd net omdat ons 'n koninkryksperspektief het nie. Die swaard mag nie by die heidene of aan die heidene geleen word nie. Ook by die staatsfilosofie bly sogenaamde waarheidsmomente maar 'n onding.

## Waarom verward

Waarom is dit so dat gereformeerdes, wat gewoonlik so helder oor sake dink, so verward is oor die swaarde ? In die gereformeerde wêreld in Suid Afrika moet die oorsaak gesoek word by Abraham Kuyper. Hy gebruik die beeld dat die swaard 'n genesingmiddel is, 'n soort skalpeermes, 'n snymes van 'n dokter. Hy sê ook die swaard is soos'n spalk aan 'n gebreekte been. Kuyper sê dat die staatsidee nie deel van God se skeppingsgedagte is nie en ondenkbaar is in die koninkryk van God. "Die staatsidee is 'n uitvloeisel van die mens se sondige bestaan"[3]. Die staat is vir hom iets wat net na die sondeval tot stand gekom het en wat slegs daarop ingestel is om die sonde te keer en af te weer.

Hiermee het Kuyper'n besliste invloed op die gereformeerde denke oor die staatsleer in Suid-Afrika gehad. Dit is ironies dat twee groepe mense wat polities direk teenoor mekaar staan, maar albei die koninkryk van God benadering volg, juis hulle wortels in Kuyper vind.

Hierdie punt behoort nader omskryf te word. Binne die gereformeerde kerke, waar die Koninkryk-van-God-benadering gevolg word, is daar twee opponerende groepe.

Aan die een kant is die wat volksregte voorstaan en hulle beroep op God se skeppingsordening van verskeidenheid en eenheid. Hier vind hulle steun by Kuyper se pluriformiteitsteorie oor die kerk. Prof. Willie Jonker toon aan[4] dat hier in Suid-Afrika wel 'n eensydige beklemtoning van Kuyper voorkom maar tog is sy invloed sigbaar, veral in verband met volkereverskeidenheid. Gereformeerdes het dit nie net op die kerk betrek nie, maar ook hierdie siening van Kuyper op die staats- en volkerelewe gaan toepas, iets waarvoor Kuyper self nie pa sou wou staan nie.

Aan die ander kant vind ons gereformeerdes wat menseregte voorstaan as die duidelikste verwerkliking van God se liefdesgebod. Hierdie mense weet dat menseregte nie van huis uit uit die Skrif en kerk kom nie, maar is tevrede om menseregte aan te wend juis omdat die

staat as 'n tipe "nood samelewingsverband" gesien word op die voetspoor van Kuyper. Smit beweer[5] dat Kuyper meer tuis sou wees by die demokratiseringsproses in Suid-Afrika as by die vorige groep. Die staat is vir hulle nie iets wat regtig gereformeer behoort te word nie, want al wat die staat moet doen is om die sonde (en veral liefdesverbreking) teen te staan, en daarvoor werk menseregte net so goed.

Die staat hoef, nie spesifiek Christelik ingerig te word nie, solank daar darem net 'n arm is wat vir die gereformeerdes ook leefruimte voorsien. Die staat word in negatiewe terme verstaan. Die staatslewe het nie 'n positiewe UNIEKE Godsgehoorsame karakter nie. Al wat die owerheid moet doen is om die sonde in te perk. Met hierdie siening van die staat, as iets waaroor jy net negatief moet dink, is weer die invloed van Kuyper sigbaar.

Dit is ook hier waar Kuyper se achilleshiel lê. Hy staan die soewereiniteit in eie kring voor: geen verband moet 'n ander verband voorsê nie. Tog trek hy die staat voor wat as skeidsregter moet toesien dat die sonde van grensoorskreiding van een verband oor 'n ander nie plaasvind nie[6]. Die koninkryk van God benadering wat uitmond in menseregte aanhanging word beïnvloed deur Kuyper se siening van die staat as genesingsmiddel, as die dokter se snymes wat net die kwaad moet uitsny. Schilder maak die stelling dat hier nie net die unieke van die same lewingsverbande prysgegee word nie, maar inderdaad word ook die unieke van die Christelike geloof aangetas.

Maar is dit regtig so dat die staat net die negatiewe moet weer? Natuurlik dit ook, soos wat ons in art. 36 van die NGB bely, maar is dit die hele prentjie? Kom ons neem 'n ander voorbeeld om hierdie saak te belig. Paulus verkondig dat die huwelik daar is om die sonde van hoerery te weer ("daarom moet elke man sy eie vrou hê), maar dit beteken nie dat die huwelik net 'n sondeweringsmiddel is nie. Daar is baie positiewe aspekte van die huwelik wat ook belangrik is.

Schilder verskil dan ook op hierdie punt van Kuyper[7]. Schilder sê: "Sou daar werklik sonder die sonde geen staat moontlik wees nie? Kuyper meen dat die lewe vanuit 'n volkome teokrasie nooit in staatsvorme tot openbaring sou kom nie, want die staat het 'n mediese karakter. Dit is as't ware 'n dwangbuis. Die staat is 'n begrip en 'n werklikheid waar dit gaan om die kwaad te rem. Kuyper praat selfs van 'n chirurgiese faktor. Die staat moet as abnormale verband optree. Dit is 'n verband wat na die sondeval deur die groot Geneesheer ingestel is ... Sou daar in 'n paradystoestand 'n departement van buitelandse sake geen taak hê nie? ... Kuyper sien alleen maar negatiewe faktore ... As die staat die volkslewe moet reël op 'n bepaalde wyse, dan moet daar in die staat ook 'n positiewe element wees". Tot sover Schilder.

Dit is hier waar die debat oor'n gereformeerde staatsleer in Suid Afrika behoort te begin. Daar is 'n nood voor. Om mense te oortuig dat die staat her-vorm behoort te word. Wat verwag God van geredde hemelburgers wat ook landsburgers is ? Die swaard is nie net soos 'n dokter se snymes nie - soos wat Kuyper beweer nie. Die staat behoort grondig gereformeer te word. Dit beteken meer as volksregte, meer as menseregte. Dit gaan oor die Koning Christus se reg op alles in sy skepping - ook die staatslewe in Afrika.

[5] *In die Skriflig*, 1989, 23:91 p. 45-55., "Abraham Kuyper en volksideologie onder die Afrikaners
[6] Vgl. Schilder, *De Kerk - college dictaat*, 1942:100
[7] vgl. *ibid.*: 102

---

MEDIESE ETIEK

# In die Here sterwe

**Dr JM Boon**
Pretoria

Die einde van ons aardse bestaan is 'n onderwerp waarmee die mediese etiek hom steeds meer besighou. Eutanasie, sterwensbegeleiding, geassisteerde pasiëntdoding, kremasie en orgaanoorplantings is maar enkele voorbeelde van onderwerpe waaroor gepraat word. Hierdie onderwerpe word dikwels moreel eties beoordeel, terwyl 'n prinsipiële besinning wat verder gaan as die vraag of 'n sekere mediese handeling toelaatbaar is of nie, agterweë bly.

Om as Christen 'n skriftuurlike uitspraak hieroor te maak, is dit nodig om eers te gaan kyk wat die Skrif oor die einde van die mens se lewe op aarde sê. Dit is duidelik dat die Skrif ons voorgaan in wat ons kan noem: *in die Here sterwe*. Ek is met liggaam en siel, in lewe en in sterwe, verbonde aan my getroue Saligmaker, Jesus Christus (HK, antw 1). Christus het immers ook gesterwe en het ons voorgegaan as Profeet, Priester en Koning, gesalf met die Heilige Gees. Daarom kan ek ook in my sterwe as profeet, priester en koning agter Christus aangaan. Ook op my sterfbed mag ek sy Naam bely (profeties), my lewe as lewende dankoffer aan Hom toewy (priesterlik) en in hierdie lewe teen die sonde en die duiwel stry (koninklik).

Ja, ook die dokter en verpleegster het 'n profetiese, priesterlike en koninklike taak by die sterfbed van die pasiënt.

## Christus was profeet in sy sterwe

Hy was gehoorsaam aan die profetiese woord dat Hy moes sterwe. Hy het profeties bely "dat alles wat van My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word" ( Luk 24:44).

"So is dit geskrywe en moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan"(Luk 24:46).

As profeet het Christus dus die Woord van die belofte bely en dit vervul in sy sterwe.

## Christus was priester in sy sterwe

Sy sterwe was offerdiens. "Hy het Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe" (Fil 2:8). "Hy het die smarte van die dood ontbind." (Hand 2:24).

Priesterlik het Hy vir sy moeder vanaf die kruis gesorg deur haar op Johannes te wys sodat Johannes haar in sy huis geneem het (Joh 19:27).

Priesterlik het Christus vir ons gesterf sodat ons, of ons waak en of ons slaap, saam met Hom kan lewe (I Tess 5:10).

Sy priesterlike offer is reeds in die Ou Testament aangekondig. "Hy het sy siel uitgestort in die dood en is saam met die oortreders gestel terwyl Hy die sonde van baie gedra en vir die oortreders gebid het" (Jes 53:12).

Priesterlik het Christus die dood aktief ingegaan toe Hy aan die kruis gesê het: " Vader, in u hande gee Ek my gees oor!" (Luk 23:46). Hy het die offer van die dood gebring sodat ons agter Christus aan mag sterwe.

## Christus was Koning is sy sterwe

Koninklik het Hy in sy sterwe die dood oorwin. "Ek was dood, maar kyk, Ek leef tot in alle ewigheid" (Openb 1:18). Koninklik is Hy opgewek en het Hy opgestaan uit die dood. Hy is die Eersgeborene uit die dode (Kol 1:18). God het Hom uit die dode opgewek en het aan Hom Koninklike heerlikheid gegee (I Petr 1:21).

Koninklik het Christus die oorwinning vir sy volk bewerkstellig deur sy dood en opstanding. "Sodat die woord wat geskrywe is vervul is: Die dood is verslind in die oorwinning" (I Kor 15:54).

"Hom het God opgewek, nadat Hy die smarte van die dood ontbind het, omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou sou word" (Hand 2:24).

Christus se sterwe was natuurlik uniek en eenmalig. Dit was die offer van die Lam wat die sondes van die wêreld weggeneem het. Nadat Hy een offer vir die sondes gebring het, het Hy vir altyd gaan sit aan die regterhand van God (Hebr 10). Ons sterwe is dus nie dieselfde as Christus se plaasvervangende sterwe nie. Tog het ons sterwe 'n sterwe agter die opgestane Christus aan geword. Daarom kan ons ook deur Christus Godvresend sterwe, as profeet, priester en koning.

## Ons mag profeet wees in ons sterwe

Profeties mag ons verkondig en weet dat ons tye in God se hand is (Ps 31:16). Ons mag die belofte van die Here bely dat Hy ***naby*** ons is by die laaste vyand.

"Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U ***is*** met my" (Ps 23:4). "Hy ***sal*** ons lei tot die dood toe" (Ps 48:15).

Profeties kan ons op ons sterfbed verkondig dat ons sterwe gevolg sal word deur dadelik by die Here te wees (1 Thess 5:10, Luk 23:43). "Salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe" (Openb 14:13)

Profeties mag ons ook die opstanding van die liggaam verkondig. Christus het ons daarin voorgegaan en verbind die belofte van die opstanding van die liggaam, wat Hy vir ons verwerf het, aan sy kinders se lewe en sterwe.

"U dode sal herlewe, my lyke sal opstaan", sê die Here (Jes 26:19). Ja, ook in die Nuwe Testament hoor ons dit:

"Kyk ek maak alles nuut!", "Daar sal geen dood meer wees nie, ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie" (Openbaring 21).

Die sterfbed van die gelowige is daarom 'n profetiese getuienis in die wêreld. Jou sterfbed raak dan deel van jou profetiese taak. Dit verkondig: God is die troue Verbondsgod wat trou is aan sy beloftes. En hang die volgende beloftes nie bo elke gelowige se sterfbed nie?

"Want as ons gelykvormig geword het aan Hom in sy dood, ***sal*** ons dit tog ook wees in sy opstanding" (Rom 6:5).

"Want ons weet dat Hy wat die Here Jesus opgewek het, ons ook deur Jesus ***sal*** opwek en saam met julle voor Hom sal stel" (2 Kor 4:14).

"As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom ***sal*** lewe" (Rom 6:8).

Profeet wees op jou sterfbed is moontlik omdat ons weet dat ons hoogste Profeet se woorde waaragtig en betroubaar is (Openb 21:5).

Profeties mag ons verder bely dat ons lewe geen absolute waarde besit nie, maar diensbaar mag wees in God se koninkryk, ook op die sterfbed. Dawid mog voor sy sterwe nog die noodsaaklike reëlings tref en sy seun onderrig in die onderhouding van die HERE se verordeninge (1Kon 2:1-10). Daarom het ons op en veral voor ons sterfbed, as die Here ons die helderheid van verstand gee, die profetiese taak, om die weë van die HERE nogmaals aan ons kinders voor te hou.

Dit is so dat baie gelowige sterwendes nie meer kan praat en ook nie meer so helder van verstand is nie agv die onderliggende siekte. Tog is die profetiese belydenis, allhoewel nie

uitgespreek nie, op hulle gesigte leesbaar. 'n Belydenis in hul gedagte wat nie meer in woorde kan uitkom nie. Ook in die laaste uur is die HERE naby ons.

## Ons mag priester wees in ons sterwe

Ook op ons sterfbed mag ons ons lewe as 'n lewende dankoffer aan Christus toewy. Diensbaarheid op die sterfbed selfs al is geen beweging meer moontlik nie, en is jy vasgekluister aan die bed. Dan kan jy nog 'n baie groot werk doen. 'n Werk wat seker met die meeste energie gelaai is. Dit is om te bid. Die Heilige Gees leer ons dat die gebed van die regverdige, ook sterwende regverdige groot krag het. Al biddend kan die gelowige op sy sterfbed voorbidding doen vir die Kerk en God aan sy beloftes herinner (Jes 62:6). Jou gebed draai dan nie net om jou eie dodelike siekte nie, maar kring uit na die wêreldwye werk van onse Here Jesus Christus. So is jy op jou sterfbed diensbaar aan die koms van die koninkryk.

Maar die offerdiens van die gelowige op sy sterfbed betrek ook die gawes wat die Here hom in hierdie lewe gegee het. Omdat hierdie gawes vir die Here is, mag jy op jou sterfbed hierdie gawes soos 'n priester offer waar dit in die diens van die Here gebruik sal word as jy nie meer daar is nie.

Priesterlik mag ons Christus verder met alle vrymoedigheid groot maak deur die liggaam, of dit nou lewendig of sterwend is (Fil 1:20).

"Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee" (Openb 2:10).

Ons moet bereid wees om te ly en selfs te sterwe vir die Naam van onse Here Jesus Christus. "Want ek is bereid nie alleen om gebind te word nie, maar ook om in Jerusalem te sterwe vir die Naam van die Here Jesus" (Hand 21:13).

"Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie." (Rom 8:18).

Ons lees in Filippense hoe die Nuwe Testamentiese kerk gehoorsaam was aan die opdrag van Christus. Ons lees van Epafroditus wat sy lewe as 'n dankoffer aan die Here gewy het (Fil 2:30).

## Ons mag ook koning wees in ons sterwe

Alhoewel ons nie die dood koninklik oorwin het soos Christus gedoen het nie, mag ons op ons sterfbed koninklik van die oorwinning seker wees en dit in ontvangs neem deur die geloof. "God sy dank wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus" (1Kor 15:57).

In ons sterwe mag ons ons Koning verheerlik (Joh 21:19). Ons sterwe mag sy koninklike oorwinning oor die dood verheerlik.

In ons sterwe mag ons ook stry teen die gevolge van die dodelike siekte wat in ons woeker. Pyn, angs en die instort van ons liggaamfunksies mag ons teëwerk en beheer met die middels wat die Here ons gegee het. Christus het in sy genade oor jou as sterwende dokters, veral verpleegsters, geneesmiddele en tegniese hulpmiddele geplaas. Ja, dikwels ook as die sterwe skielik kom soos 'n motorongeluk. Dit is slegs moontlik gemaak deur Christus se oorwinning. Daarom mag ons byvoorbeeld in die stryd teen pyn middels soos morfien gebruik en nuwe hulpmiddele waarmee dit toegedien kan word. Dit is Christus wat hierdie middele vir ons aanreik.

Verder het jy as sterwende ook 'n stryd teen jou eie sondige natuur. Dit verlaat mens nie as jy dodelik siek is nie. Hierdie stryd gaan voort en kan selfs feller word. Die Satan ontsien nie 'n prooi wat liggaamlik verswak is nie. Opstandige gedagtes, selfgesentreerdheid en -bejammering verhoed ons dikwels om ons taak uit te voer. Dus ook op die sterfbed moet jy die wapenrusting van God aantrek, om die pyle van die bose te kan uitblus. Hierdie aantrek van die wapenrusting is 'n koninklike taak (Ef 6). Dit behels onder andere ook om die Skrif te bestudeer - hetsy self of as iemand voorlees. Om jouself te voed en te bewapen. Juis as jy siek is, het jy dit enorm nodig.

So sal die HERE ook sy kinders tot Hom neem by Christus, waar dit verreweg die beste is (Fil 1:23).

Volgende keer DV oor die taak van die dokter en verpleegster tov die sterwende. Die taak van die sterwende sowel as die taak van die medici vorm die basis en prinsipiële uitgangspunt waarmee ons graag in opvolgende artikels wil kyk na eutanasie, sterwensbegeleiding, geassisteerde pasiëntdoding, kremasie en orgaanoorplantings.

**FOLMER BOEKHANDEL**

19e laan 283, 0186 Villieria, Tel/Faks 012 - 329 0031
Posbus 11607, 0121 Queenswood
E-Mail: rvdk@smartnet.co.za

In die reeks 'Ad Chartas' ('n uitgawe van Die Vuurbaak) het onder redaksie van dr George Harinck die derde deel verskyn: Leven en werk van prof dr Seakle Greijdanus (1871 - 1948).

Hy was dogmatikus, kerkregkenner, maar veral 'n kundige eksegeet, wat ook blyk uit sy aandeel in die KORTE VERKLARING van die Heilige Schrift, waarvan hy 'n aantal dele geskryf het.

Oor aspekte van prof Greijdanus' lewe en werk word geskryf deur onder meer G Puchinger, H N Ridderbos, J Douma, J van Bruggen en J Faber. 'n Interessante boek wat ook foto's en 'n uitgebreide bibliografie bevat.

Die prys is R149.

Dr JG Meijer
Pretoria

OP PAD NA SINODE 2000

# Bewaar die eenheid van die Gees

*Die terugblik op die Sinode van 1997 laat die vraag ontstaan: Is daar in al die verskeie sake wat in hierdie artikelreeks die revue gepasseer het, een alomvattende kwessie wat die dringende aandag van die kerke en van elke belydende lidmaat vra? Ek glo dat in ons kerklike lewe met sy verskillende probleme die Skrifwoord van toepassing is om "te wandel waardig die roeping waarmee" ons "geroep is, met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl" ons "mekaar in liefde verdra en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede."*[1]

Die HERE vermaan ons om die eenheid van die Gees te bewaar. Die eenheid wat die Gees smee, verenig die kerke en alle lidmate in leer, diens en tug. "Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping, een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is."[2]

Leer, diens en tug hang onlosmaaklik saam. Suiwerheid sowel as afwyking in die leer werk in die diens en die tug deur. Sonder om die onverbreeklike samehang van leer en diens te misken, onderskei ek hulle in hierdie samevattende terugblik op die Sinode van 1997, die terugblik op die pad vorentoe na Sinode 2000.

## Eenheid in leer

Die volwasse lidmate van die kerk het by hulle openbare geloofsbelydenis "ja" geantwoord toe aan elkeen van hulle afsonderlik gevra is: "Glo en bely u dat die Ou en Nuwe Testament die Woord van God en die volkome leer van die saligheid is, soos dit ook in die Belydenisskrifte van Die Gereformeerde Kerke uitgedruk word en in die kerk hier geleer word?"[3] Die besondere ampsdraers, ons predikante, ouderlinge en diakens, het bowendien die drie Formuliere van Eenheid "onderskryf en onderteken."[4] Ons eenheid in leer bestaan uit die saam buig voor die God van die Woord en die gesamentlike eerbiediging van die Woord van God soos die kerke dit bely.

Met die oog op die eenheid in leer kyk ons onder die drie volgende opskrifte terug na die Sinode van 1997.

### *Glo die hele Skrif*

Die eenheid van die Skrif het in die bespreking van die beswaarskrif oor toelating van vroue tot die besondere ampsdienste ter sprake gekom. Die eintlike kwessie gaan nie oor "die vrou in die amp" nie, maar oor die vraag of die Bybel teenstrydige uitsprake bevat. Ons geloof in een HERE hou in dat ook sy Woord een is. "Ons glo sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk" al die Bybelboeke "aanvaar en as" heilig en kanoniek "beskou nie maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is."[5]

Die geloof dat die Skrif een is, word al enkele tientalle jare in kerkgemeenskappe wat hulle nog gereformeerd noem, wêreldwyd aangeveg. Die bestryders maak dikwels van minderwaardige wapens gebruik. Hulle etiketteer hulle teenstanders wat die eenheid van die Bybel glo, as biblisiste, fundamentaliste, konserwatiste wat van geen vooruitgang wil weet nie.

Hoe moet ons in hierdie stryd optree? Ek dink die HERE roep sy kerke en die lidmate tot drie geloofswerksaamhede vorentoe:

Bewaar self die eenheid van die Gees deur standvastig te bly glo in een HERE wat nie Homself teenspreek nie. Glo die hele Skrif.

Noem dwaling by sy naam sonder om dit enigsins te versag. Aantasting van die eenheid van die Skrif verbreek die eenheid in leer. Verharding in die aantasting van die eenheid van die Skrif is niks minder nie as wegbreek uit die ware kerk waar "almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken."[6] Bewaar die eenheid van die Gees. Bly een in die waarheid, in die Skrifgeloof,[7] en weerstaan uit liefde vir Hom wat ons in sy Woord aanspreek, enige afwyking daarvan.

Weerlê die dwaling en wys die broeders liefdevol tereg.[8] Hoe ernstig die afwyking ook al is, onthou: Die Here verbied enige vorm van heksejag in sy kerk. Roep lidmate en kerklike vergaderings wat begin met verbreking van die eenheid in die waarheid, terug met inagneming van die opdrag: "Broeders, as iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reghelp met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie."[9]

### *Besluit op grond van die Skrif*

Eerbied vir die Goddelike gesag van die Bybel blyk onder meer in ons Skrifgebruik. In ons toetsing van sommige sinodebesluite moes helaas 'n gebrek aan Skrifberoep gekonstateer word. Die bediening van die Woord het weens die gemis van Skrifberoep in die besluit oor hersiening van die liturgie nie sy skriftuurlike plek in die erediens behou nie. Ook die goedkeuring om die nagmaal toeganklik te maak vir persone wat nie lidmaat van een van Die Gereformeerde of korresponderende Kerke is nie, is sonder enige beroep op die Bybel, ja selfs in stryd met die Skrif, die belydenis en die kerkorde gegee.

Verder het die Sinode uitgespreek dat besware teen die belydenisuitspraak dat die Here Jesus na die hel neergedaal het, slaag, sonder dat in die beswaarskrif bewys is dat hierdie belydenis strydig is met die Skrif. En ten slotte het die Skrif in die besluit oor die kerklike posisies van ons professore in die teologie 'n geslote boek gebly.

Die gebrek aan Skrifverwysings in sommige besluite van die meeste vergaderings van die kerke dring ons om die Bybelwoord ter harte te

[1] Ef 4:1-3
[2] Ef 4:4-6
[3] Formulier vir die aflegging van belydenis van geloof, vraag 3
[4] KO art. 53-54. Sien ook die formuliere vir die bevestiging van bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens
[5] NGB art. 5
[6] NGB art. 29
[7] Sien onder meer Joh 17:17-21; Jud. 3; Op 3:8, 10, 22:18-19
[8] Sien 2 Tim 3:16 oor weerlegging en teregwysing uit die Skrif
[9] Gal 6:1

neem: "As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God."[10] "Iemand", dit wil sê: Wie ook maar. Hierdie vermaning geld vir ons almal, sowel vir die enkeling as vir die gemeenskap van die kerke. Kerklike vergaderings moet die eenheid in die waarheid bewaar deur besluite op die leer van die Bybel, soos die kerke dit bely, te grond.

### *Glo aan die kerk*

Elke Sondag bely ons in die erediens: "Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges". Wat glo ons aangaande die kerk? Die geloof aan die kerk is die geloof aan wat die Skrif oor die kerk leer en wat ons dienooreenkomstig in die Drie Formuliere van Eenheid bely. Nòg die Skrif nòg die belydenis ken die sogenaamde 'pluriformiteit van die kerk'. Tog sien ek hierdie onbybelse, nie-konfessionele leer in 'n drietal sinodebesluite uitslaan.

'Pluriformiteit' beteken die aanname van een ware kerk in 'n aantal verdeelde kerkgenootskappe. Elkeen beklemtoon 'n deel van die waarheid. Die oopstelling van die nagmaal vir persone wat nie lidmaat van een van Die Gereformeerde of korresponderende Kerke is nie, kan nie op die Skrif en die belydenis nie, maar slegs op die leer van die pluriformiteit van die kerk gegrond word. Aanhangers van die pluriformiteit het 'n voorliefde vir 'interkerklikheid'. Hulle nooi byvoorbeeld predikante van 'ander' kerkgemeenskappe uit om in eredienste voor te gaan en doop kinders wat nie tot Die Gereformeerde Kerke behoort nie. Hierdie voorliefde vir 'pluriformiteit' blyk myns insiens ook duidelik in die voortsetting van die gesprekke met die NG en NH Kerke deur deputate van die sinode en in die inisiëring van 'n Konvent van Reformatoriese Kerke deur die laaste Sinode.

Diepgaande besinning oor die leer van die kerk is in ons midde dringend nodig ten einde kerklik in die lig van Gods Woord te wandel.[11]

Aanhangers van die pluriformiteit van die kerk handhaaf nie ons bestaande eenheid in leer nie. Een van twee sal moet gebeur: Of die voorstanders van hierdie leer verwerp die pluriformiteit van die kerk weens die strydigheid daarvan met die Skrif en die belydenis. Of hulle dien 'n beswaarskrif teen die artikels 27-29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis in met die bewys dat die leer van die pluriformiteit skriftuurlik is. Besware teen enige deel van die leer van die kerk moet aan die kerklike vergaderings ter beoordeling voorgelê word. Die ampsdraers belowe dit in hulle ondertekeningsformulier. So bewaar hulle die eenheid van die Gees, die eenheid in leer, deur die band van die vrede. Die een geloof behels ook ons gemeenskaplike geloof aan die kerk van Christus.

## Eenheid in diens

Eenheid in diens beteken die samegang van Christus se plaaslike kerke in die praktyk. Hierdie eenheid manifesteer hom veral in die diens van die Woord en die sakramente, in die uitoefening van die kerklike tug, in die onderhouding van die kerkorde en in die ratifisering van besluite van meerdere kerklike vergaderings. Eenheid in diens is kortom die kerklike uitlewing van die eenheid in leer.

### *Akkoord van kerklike samelewing*

Watter betekenis het die gereformeerde kerkorde? Die kerkorde is nie 'n wet waaraan kerke as 't ware deur 'n hoër gesag gebind word nie. Nee, elke gereformeerde kerk is selfstandig. Die kerke kom saam ooreen om die diens ooreenkomstig die Woord van God in te rig en uit te voer. Die kerkorde is nie 'n slawejuk nie, maar 'n afspraak om saam die nek onder die sagte juk van Christus te buig.[12] Die plaaslike kerke wat deur die Hoof vergader, beskerm en onderhou word, verbind hulle in die kerkorde om die eenheid van die Gees deur eenheid in diens te bewaar. Die kerkorde het dus nie 'n dwingende nie, maar 'n ooreenkoms-karakter. Dit is nie 'n kerkwet wat die vryheid van die plaaslike kerke inperk nie, maar die akkoord van kerklike samelewing.

Die beskouing van die kerkorde hang direk saam met die uitlegging en die hantering daarvan. Wie in die kerkorde 'n stel vryheidrowende wette sien, sal die artikels sodanig interpreteer dat hy minimaal daaraan gebind word en selfs heeltemal van die binding aan daardie boeie ontslae kan raak. Die aanvaarding van die kerkorde as akkoord van kerklike samelewing daarenteen spruit uit hartlike liefde vir die skriftuurlike orde en gaan vergesel met optimale binding aan al die artikels. Die akkoord-karakter van die kerkorde dring tot trou in die uitvoering van die belofte: Die kerke sal "hul daarop toelê om dit te onderhou."[13]

Die vraag kom na vore: Watter beskouing van die kerkorde openbaar hom in sommige sinodebesluite?

### *Eiemagtigheid*

Die Sinode het oor die toegang van nie gereformeerdes tot die nagmaal besluit dat dit nie 'n saak van ons gemeenskaplike akkoord is nie, maar dat dit volgens artikel 30 van die kerkorde 'n saak is waaroor elke kerk selfstandig kan besluit. Hy het dus die binding aan artikel 61 van die kerkorde met sy verkeerde interpretasie van artikel 30 ontkrag en die eenheid van die kerke in nagmaalviering vir sy deel verbreek. Verder kan elke kerk volgens 'n ander sinodebesluit selfstandig oor die gebruik van kelkies by die nagmaal besluit. Hierdie besluit van die Sinode staan, ten spyte van sy besluit om in lynregte teenspraak

[10] 1 Pet 4:11
[11] Vgl. Die vorige artikel in hierdie reeks onder die opskrif: "Samesprekings met NG, NH en AP Kerke"
[12] Vgl. NGB art. 28, 29
[13] KO art. 86

[14] Rig 17:6; 21:25
[15] KO art 44

daarmee op die onderhouding van artikel 31 van die kerkorde te wys met die oog op die uitsprake van die sinodes in 1927 en 1930 dat daar nie kelkies gebruik behoort te word nie.

Die sinodebesluite oor die hersiene liturgie bind die kerke slegs aan vier globale liturgiese handelinge, laat die orde van die erediens grotendeels in die vryheid van die kerke en gee aan die bediening van die Woord 'n ondergeskikte plek ten opsigte van die Skriflesings in die Woorddiens. Wat bly daar by die uitvoering van daardie liturgie-besluite van die eenheid van die kerke in die erediens oor?

Ek is daarvan oortuig dat baie afgevaardigdes na die Sinode heelhartig die eenheid in leer, diens en tug wil behou. Moontlik is verkeerde besluitneming oor belangrike prinsipiële sake te wyte aan die oorlaaide agenda van ons sinodes. Ons moet – ook om die agenda van meerdere vergaderings te verkort – alles in die werk stel om artikel 30 van die kerkorde te onderhou. Nie-kerklike sake behoort so spoedig moontlik van die sakelys afgevoer te word sodat die afgevaardigdes maksimaal hulle aandag op die kerklike sake kan rig.

Die bogenoemde sinodebesluite gee aan kerke die vryheid om eiemagtig op te tree en daarmee die eenheid in diens te verbreek. Kerke wat reeds in sommige opsigte eiemagtig optree, word nie deur hierdie besluite na die eenheid in diens teruggeroep nie. Hulle verwelkom inteendeel sulke besluite as 'n rugsteun by die voortgang op die pad van eiemagtige optrede. Die akkoord van kerklike samelewing en besluite van meerdere vergaderings wat hulle nie geval nie, het vir kerklike independentiste net die waarde van die papier waarop dit geskryf is.

Tweede eredienste word eiemagtig afgeskaf (teen artikel 68 van die kerkorde). Gebruik van kelkies by die nagmaal word eiemagtig ingevoer (teen die sinodebesluite van 1927 en 1930). Vrouens word eiemagtig in die amp van diaken bevestig (teen onder meer Handelinge 6 en die hele gereformeerde tradisie). Dit alles gebeur in ons midde sonder enige vraag om advies aan 'n klassis.

Hierdie independentistiese optrede ontbind die kerkverband. Dit vervang die samebinding in leer, diens en tug met bandeloosheid. Elkeen doen wat reg is in sy oë.[14]

### *Samegang*

Beteken die eenheid in diens dat alle gereformeerde kerke eners is? Geensins. Die kerkorde bevat in teenstelling met allerlei hiërargiese kerkwette maar 86 artikels. Die kerke belowe daarin om saam te gaan op die pad wat die HERE in sy Woord wys. Hulle verbind hulle in die kerkorde slegs aan die leer van die Skrif in die uitlewing van hulle kerklike eenheid in leer, diens en tug. Wie in geloof kennis van die kerkorde neem, dank God vir die voorreg om gereformeerd, in die hele kerklike lewe aan sy Woord gebind te wees.

Kerke wat saamstaan en saamgaan, weerstaan in die krag van die geloof elke beweging wat die eenheid van die Gees in hulle midde ondermyn. Klassisse vermaan kerke wat eiemagtig optree en roep die oortredende broeders in liefde op om tot die eenheid in leer, diens en tug terug te keer. Kerke wat nie na die teregwysing wil luister nie en op die pad van independentisme volhardend voortgaan, breek weg van die kerke wat uitsluitlik in gebondenheid aan die Skrif, die belydenis en die kerkorde saamlewe. Klassisse wat die eenheid van die Gees bewaar, kan nie anders nie as om die verbreking van die eenheid met droefheid te moet konstateer. Bewaring van die eenheid in die geloof kan nie met ontbinding daarvan gepaard gaan nie.

Die kerke kan nie sonder hartlike en intensiewe samelewing hulle eenheid in leer, diens en tug bewaar nie. Die aangewese plek vir dié samelewing is die klassis. Die kerke ontvang in die rondvraag volgens artikel 41 en in die kerkvisitasie volgens artikel 44 van die kerkorde geleenthede om mekaar by te staan en broederlik op mekaar toe te sien. Skriftuurlike benutting van hierdie geleenthede bind saam. Kerkvisitatore vermaan "diegene wat nalatig in die een of ander bevind word, betyds,"[15] voordat afwyking in leer, diens of tug in 'n gemeente as 'normaal' en 'gereformeerd' beskou kan word.

Met die oog op 'n aantal sinodebesluite en bestaande moeites in ons kerklike lewe kan die kerke saam in hulle klassikale verband onder meer:

- mekaar bind aan die onderhouding van artikel 68 van die Kerkorde insake die tweede erediens,
- die voorkeur vir die 1933/53- of die 1983-Bybelvertaling skriftuurlik fundeer en bepaal,
- oor die toelating tot en viering van die nagmaal skriftuurlik en kerkordelik besluit,
- die vyf nuwe skrifberymings toets,
- oor die posisies, bevoegdhede en verantwoordelikhede van sendelinge, professore in die teologie en kuratore skriftuurlik besin en moontlik die resultate daarvan aan die partikuliere sinode voorlê,
- oor die aanvaarding van attestasies uit die vier in hierdie artikelreeks genoemde buitelandse kerkgemeenskappe besluit,
- mekaar opskerp om artikels 31 en 46 van die kerkorde te onderhou,
- oor die aantasting van die eenheid van die skrif in die kerkverband oordeel en volgens artikel 48 van die kerkorde korrespondensie met die betrokke klassis hou,
- 'n versoek rig aan die partikuliere sinode om

- so 'n korrespondensie met die betrokke partikuliere sinode vir die geloofseenheid van die kerke te hou,
- besin oor die stimulering van die amp van gelowige in bywoning van eredienste en op alle lewensterreine.

In hierdie artikelreeks is reeds aanbeveel dat die klassisse weer driemaandeliks gaan byeenkom. Hulle is die aangewese meerdere vergaderings om in ons moeitevolle kerklike lewe die eenheid van die Gees te bewaar en – waar van toepassing – in die krag van die HERE te herstel.

## Kontinue eenheid

Artikel 46 van die kerkorde bepaal: "Sake vir behandeling op meerdere vergaderings moet nie opgestel word voordat die besluite van die voorgaande sinodes oor die voorgestelde punte nagegaan is nie, sodat wat eenmaal afgehandel is, nie weer voorgestel word nie tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander." Waarom het die kerke hierdie artikel in hulle akkoord van samelewing opgeneem? Wat behels artikel 46? Hoe moet die kerke dit onderhou?

### *Die belofte van kerkvergadering*

In onmiddellike aansluiting by die belydenis van Petrus dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God, belowe die Heiland: "Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie."[16] Die kerk "was daar van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees, want Christus is 'n ewige Koning, wat nooit sonder onderdane kan wees nie."[17] "Ek geloof 'n heil'ge eenheid, wêreldwyd, in Christus één, wat sy roepstem sal vergader, deur die lange eeue heen."[18]

Die heerlike belofte van kerkvergadering word – soos alle verbondsbeloftes – nie outomaties vervul nie. Nee, die HERE vervul sy beloftes nie vanselfsprekend of op grond van enige menslike prestasie nie, maar net in die weg van geloof. Dit wil sê: Hy kan 'n bestaande kerk weens ontrou verlaat, die "kandelaar van sy plek verwyder,"[19] 'n gemeente uit sy mond spuug.[20] Dit beteken nie die einde van sy kerkvergaderende werk nie. "As ons ontrou is" en die Heiland gevolglik die kerke verlaat – "Hy bly getrou; Hy kan Homself nie verloën nie."[21] Hy verwyder die kandelaar hier en sit sy kerkvergaderende werk sonder onderbreking elders voort.

Die eenheid wat die Gees smee, moet in gehoorsaamheid bewaar word, "sodat ons nie meer kinders" sal "wees wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering nie ... maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles" sal "opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus."[22] Hier kom die betekenis van artikel 46 van die kerkorde in ons gesigsveld. Hierdie artikel voorkom dat die kerke nie soos golwe heen en weer geslinger en deur elke wind van lering heen en weer gedryf word nie. Prinsipiële besluite word nie heroorweeg en verander nie, tensy bewys word dat hulle in stryd met die Skrif is. Sinodebesluite wat aan die bewaring van die eenheid in leer, diens en tug diensbaar is, kan nie sonder afwyking van artikel 46 deur 'n volgende sinode herroep of as nietig verklaar word nie. Die kerke belowe om met die onderhouding van artikel 46 die eenheid van die Gees te kontinueer.

### *Staan vas*

Het die laaste Sinode artikel 46 in alle sake onderhou? Helaas nie. Nie gereformeerdes kan volgens 'n sinodebesluit aan die nagmaal toegelaat word sonder die bewys dat die Sinode van 1961 ten onregte uitgespreek het dat die nagmaal geen ekumeniese demonstrasie is nie. Die eenheid in die leer oor die toegang tot die nagmaal (1961) en die eenheid in die diens, die viering van die nagmaal (1927 en 1930) is in afwyking van artikel 46 deur die Sinode van 1997 verbreek.

Nie Skrifgegonde besware teen die belydenis oor Christus se neerdaling na die hel, wat deur die Sinode van 1964 tereg afgewys is, het in die Sinode van 1997 geslaag. Die voorgestelde struktuur van die kerkverband oor taal- en kultuurgrense heen wyk af van die oorspronklike Dordtse Kerkorde. Die laasgenoemde saak is weliswaar nie so ernstig as die twee vorige besluite nie. Die vraag mag wel gestel word: Lyk die kerkverband wat voorgestel word, beter as die bestaande een?

Artikel 46 van die kerkorde laat die kerke voortgaan in eenheid van leer, diens en tug. Die belofte van die kerke om saam die gawes wat onse God in die verlede gegee het, dankbaar te aanvaar en op die pad vorentoe te gebruik, is suiwer skriftuurlik. Die Here beveel ons by monde van die apostel Paulus: "Broeders, staan vas en hou julle aan die voorskrifte wat julle geleer het òf deur 'n woord òf deur 'n brief van ons."[23] Wees "standvastig in die geloof."[24] Hersien nie Skrifgefundeerde kerklike besluite nie.

Mag die Here van die kerk ons almal laat volhard in ons ernstige strewe om die eenheid van die Gees deur die band van die vrede te bewaar. Tot behoud van sy gereformeerde kerke in ons land.

[16] Matt 16:18
[17] NGB art. 27; vgl. HK antw. 54
[18] Skrifberyming 27:4
[19] Op 2:5
[20] Op 3:16
[21] 2 Tim 2:13
[22] Ef 4:14-15
[23] 2 Thess 2:15; vgl. Kol 1:23
[24] 1 Pet 5:9; vgl. Op 3:11

AKTUEEL

# Die gawes van die Heilige Gees in Bybels-teologiese perspektief (2)

**Prof L Floor**
Potchefstroom

By die bespreking van die spreek in tale (glossolalie) moet ons daaraan dink dat dit nie net 'n spesifiek Christelike verskynsel is nie. Dit kom ook voor by ander heidense godsdienste. By bepaalde vorme van Judaïsme en die Islam kom spreek in tale ook voor[1]. Dit is ook bekend dat die Boedistiese monnike ook in tale praat. By die Venda's dans die heidense vroue die sg. 'malombo'. Dit is 'n soort besetenheidskultus wat merkwaardige kenmerke vertoon met die glossolalie[2]. Die moontlikheid van sulke uitinge hou verband met die religieuse grondgevoelens van 'n mens. Onder toenemende mate groei die oortuiging onder geleerdes (binne sowel as buite die charismatiese beweging) dat 'n spontane, nie-konseptuele vrye vokalisering 'n universeel menslike vermoë is[3]. Net soos die besnydenis ook bekend was onder die heidense volke, het God die verskynsel van spreek in tale in die Christelike godsdiens ingebring. Waarom het God dit nodig geag? Mills[4] veronderstel dat die rede gesoek moet word in die situasie waarin die vroeë kerk verkeer het. Die kerk het ontstaan in 'n heidense en buitengewoon vyandige omgewing. Deur hierdie gawe moes aan die ongelowiges duidelik gemaak word dat die evangelie legitiem was. Wel is toetsing van hierdie gawe van die uiterste belang. Die maatstaf of die spreek in tale werklik deur die Heilige Gees geinspireer is, is die belydenis of Jesus die Kurios, die Here is (I Kor12:3).

Die eerste vraag wat ons by die glossolalie moet bespreek is, is of daar'n verskil of ooreenkoms is tussen die tongetaal in die gemeente van Korinte en die taalwonder in Hand 2. Dit is nie so maklik om uit te maak of daar op pinksterdag sprake is van 'n spraak- of 'n hoorwonder nie. Grosheide meen dit is albei[5]. Daar is egter 'n saak daarvoor uit te maak dat dit net 'n spraakwonder was, aangesien die Gees op die sprekers en nie op die hoorders was nie.

Die ooreenkoms tussen Handelinge en Korintiërs is dat God geprys word. Die verskynsel van spraak in tale in die boek Handelinge moet nie met die prediking verwar word nie. Die verskynsel gaan aan die verkondiging deur Petrus vooraf. Die spreek in tale is dan ook nie bedoel as 'n soort sendingprediking nie, 'n internasionale verkondiging aan alle volke nie. Die verskil is dat op Pinksterdag in bekende ander tale gepraat word (Hand 2:4). Hier word die tongetaal geteken as begeleidingsverskynsel van die vervulling met die Heilige Gees. Op grond van hierdie verband oordeel die charismatici dat die spreek in tale die bewys by uitstek is dat iemand met die Heilige Gees gedoop is. Dit word dan ook 'n "second blessing" genoem. As hierdie teks die betekenis het wat charismatici daaraan heg, val dit vreemd op die oor dat daar geen enkele parallel by Paulus gevind word nie. Tereg kan gevra word of die geweldige rukwind en die tonge soos van vuur dan nie ook op elke Geesvervulde persoon hoorbaar en sigbaar moet wees nie?[6]

Hierdie besondere vorm van praat kom nog enkele kere na pinkster voor. Telkens as die evangelie 'n nuwe kring bereik, dan bevestig God deur die teken dat Hy aan die werk was. Hy bevestig so dat die nuut bereiktes ook by sy volk behoort. Agtereenvolgens gaan dit om die Samaritane (Hand 8:14-17), die heidene (Hand 10:44-47, 11 :15-17) en die dissipels van Johannes (Hand 19:6). By die doop van Cornelius sê Petrus uitdruklik: die Heilige Gees word op hom uitgestort net "soos in die begin op ons" en "op volkome gelyke wyse as by ons" (Hand 11 :15-17). Vanweë die ooreenkoms met die pinkstergebeure is dit voor die hand liggend om te ervaar dat ook in Samaria, in die huis van Cornelius en deur die dissipels van Johannes die doper in bekende tale gepraat is.

Is die gebeure in Korinte gemeente dieselfde as wat Lukas vir ons beskryf in Handelinge ? Gaffin is van mening dat dit so is. Hy grond sy stelling daarop dat die woorde vertaal kon word en dat die hoorders dus 'n openbaring deur vertaling van die Heilige Gees ontvang, 'n onthulling van 'n geheimenis van God[7]. Wat die openbaringskarakter betref het Gaffin gelyk. Hy sien egter oor die hoof dat die tale in Handelinge bekende tale was terwyl daar geen sekerheid is dat die tale in Korinte bekende tale was nie. Die funksie van die tale verskil ook. In Handelinge is die tale 'n teken van die koms van die Heilige Gees, 'n aanduiding van die deurbraak van die koninkryk van God na 'n nuwe gebied. Die taal is wel op God gerig maar ook op die hoorders. In Korintiërs word die taal gebruik om te bid. Dit is 'n gebedsvorm wat nie deur mense verstaan word nie en is primêr op God gerig. Hierdie gawe het ook 'n opbou funksie.

Die groot vraag is nou wat is die nut om in tale te praat wat mens nie verstaan nie? Ten eerste is dit 'n teken deur God gegee wat die aanwesigheid en die werking aandui van die Heilige Gees in die kerk voor die ongelowiges wat deur hierdie gawe kan weet dat God regtig in die gemeente teenwoordig is. Tweedens is hierdie gawe ook vir die gelowige wat hierdie gawe ontvang met die oog op die opbou van sy geloof.

Waar gebed deur die Heilige Gees as glossolalie plaasvind, word met die persoon se gees (grieks

1 vgl. Malony, HN & Lovekin, AA, *Glossolalia. Behavioral Science. Perspectives on speaking in tongues*, New-Oxford, 1985:5
2 vgl. Van Rooy, JA, *Sinkretisme in Vendaland*, 1964:37
3 vgl. Gaffin, RB, *Perspectives on pentacost*, Phillipsburg, 1979:121
4 vgl. Mills, WA, *Theological interpretation of tongues in Acts and first Corinthians*, Ann Arbor, 1968:21
5 vgl. Grosheide, FW, *De Handelingen der Apostelen*, Amsterdam, 1942:62
6 vgl. Carson, DA, *Showing the Spirit*, Grand Rapids, 1987:142
7 Gaffin, p73-81

= pneuma) gebid. Gaffin vertaal dit verkeerd as hy meen dit slaan op die Heilige Gees. Dit gaan hier om die mens se gees. Die menslike gees wat vernuwe is, word 'n instrument van die Heilige Gees. Maar die verstand (grieks = nous) van die bidder bly onvrugbaar. Dit beteken dat die bidder intellektueel oor dit wat gebid word, geen oordeel kan vorm nie. Die inhoud van die gawe is 'n misterie, 'n openbaring van die Gees.

Tog word die een wat bid self opgebou volgens Paulus se opmerking in I Kor 14:4. Die nut moet dus op 'n ander terrein lê. Grosheide skryf dat die inhoud van die gebed vir die bidder geen wins bring nie, maar dat hy oortuig word dat hy die Heilige Gees deelagtig is. Die bid in tale is 'n gebedsgawe wat in verband staan met danksegging en lofprysing. Muhlen[8] sê dit is 'n meer intensiewe gebedsbelewing.

Drie vrae moet egter nog beantwoord word:

1 Is daar in Rom 8:26-27 ook sprake van 'n gebed in 'n taal?

2 Is bid in tale alleen maar die uiting van klanke of moet ons aanvaar dat die gebed ook'n kognitiewe, kennisinhoud het ?

3 Hoe moet ons die moderne spreek in tale beoordeel ?

Daar is geleerdes wat die sugtinge van die Gees in Rom 8 sien as die uiting van 'n glossolale gebed. Dit is egter nie korrek nie. Die gebed van die Gees in Rom 8 geld vir elke gelowige, terwyl in I Kor 14:2 iemand bedoel word wat die gawe daartoe ontvang het. Die gawe van spreek in tale is nie aan elke gelowige gegee nie (I Kor 12).

Calvyn maak oor I Kor 14:14 die nugter opmerking dat die gawe van spreek in tale nie bedoel is om geluide te maak nie, maar ten doel het om te kommunikeer. Is daar sprake van xenoglossia (om 'n vreemde bestaande taal te praat wat die spreker self nie verstaan nie) of van glossolalie (om verbale patrone uit te spreek wat nie geïdentifiseer kan word as 'n menslike taal nie). Met ander woorde: is glossolalie'n taal met 'n eie woordeskat, grammatika en sintaksis ?

Uitvoerige studie het aangetoon dat met die Griekse woord "gloossa" (tong, taal) nêrens 'n nie-kognitiewe uiting bedoel word nie. Trouens dit moet so wees, anders sou dit onmoontlik wees om deur middel van 'n ander gawe, naamlik die gawe om tale uit te lê, die spreek in tale te vertolk.

Of dit 'n bekende taal is weet ons nie. Paulus verwys na tale van mense en engele (I Kor13:2). Dit is wel duidelik dat die spreek in tale op die verstand geen invloed het nie. Die uitwerking daarvan moet dus op 'n ander terrein lê soos om emosie en gevoel uit te druk.

Dit bring ons by die huidige toedrag van sake. Uiteraard is die aanhangers van die charismatiese beweging byna onkritiese verdedigers van spreek in tale, veral dat dit sou dui op die doop met die Gees, as 'n "second blessing". Maar dit steun op 'n verkeerde hantering van Handelinge. Die wyse waarop Lukas oor die gawes praat, bied geen ruimte om daaruit 'n individuele Christelike ervaring te verdedig nie. Die charismatici se eksegese is hermeneuties ongekontroleerd.

Ook het baie moderne taalkundiges ondersoek ingestel na die verskynsel van spreek in tale. Duisende opnames daarvan is al beluister en die bevinding is eenstemmig dat nêrens die patroon van 'n bekende menslike taal vertoon word nie. Die ondersoeke is in verskeie kulture gedoen met die merkwaardige bevinding dat die spreek in tale nou verband hou met die persoon se moedertaal[9]. Dit is byvoorbeeld vir 'n mens wat meertalig is, moeiliker om in tale te praat, omdat hulle 'n ander houding het ten opsigte van vreemde klanke. Baie het hieruit afgelei dat die moderne spreek in tale iets anders is as wat mens in Handelinge vind. Oor die moderne gawe van vertolking of uitlê van spreek in tale is die ondersoekers ook maar bra skepties. Oor die algemeen is die interpretasies steriotiep, vaag en bied weinig informasie.

Dit is moeilik om te aanvaar dat alle spreek in tale soos dit gemanifesteer word in die komtemporêre charismatiese beweging, die werk van die Heilige Gees is. Twyfel is geregverdig as daar gelet word op hoe onkrities en gemaklik soms uit die charismatiese beweging omgegaan word met ander religieuse tradisies soos byvoorbeeld die van die Rooms-Katolieke Kerk.

Waaksaamheid oor die kwessie is dus belangrik. As Paulus dan al die Korinte gemeente waarsku om die gawe nie eensydig oordrywend te ooraksentueer nie, hoeveel te meer moet ons dan nie op ons hoede wees nie. Paulus stel dan ook baie duidelike voorwaardes waaraan voldoen moet word indien dit voorkom. Aan die ander kant word die gelowiges vermaan om die spreek in tale nie te belemmer nie. Wat beteken dit vir ons? Paulus wys die spreek in tale nie af nie. Tog wys hy die regmatige plek daarvoor aan. Spreek in tale is met betrekking tot die opbou van die gemeente van 'n mindere orde as die gawe van profesie. Die spreek in tale lê meer op 'n individuele vlak.

Ons mag nie I Kor 14:30 opbreek in twee dele asof die eerste deel vandag nog geld en die tweede deel alleen vir die apostoliese tyd sou gegeld het nie. Daarom kan ons nie sê dat die tyd van die besondere gawes, dus ook die spreek in tale se tyd verby is nie. Calvyn laat die moontlikheid oop, dat God weer opnuut (wanneer dit nodig sou blyk, as die verval ernstige afmetings aangeneem het), besondere gawes uitdeel. Hy ag dit nodig om die suiwer leer te herstel[10].

Tussen I Kor 12 en 14 staan natuurlik hoofstuk 13 wat handel oor die liefde. Die liefde as uitstaande kenmerk van die vrug van die Gees

[8] vgl. Muhlen, HAA, *Chadsmatic theology,* London, 1978:152-156

[9] vgl. Goodman, FD, *Speaking in tongues: a cross-cultural study of glossolalia,* Chicago. 1972:123

[10] vgl. Calvyn, Ef 4:11

moet die regulerende beginsel wees by die gebruik van die gawes van die Gees. Wie die purityne lees, besef dat hulle sonder spreek in tale 'n diep en hooggestemde geestelike lewe gehad hê.

Ons moet egter ook Paulus se vermaning ter harte neem om nie die spreek in tale te verhinder nie. Maar daarmee saam moet die toetsing en beoordeling daarvan nie uitgesluit word nie. Die hedendaagse verskynsel daarvan moet ons tot die uiterste terughoudendheid oproep.

---

**PERSSKOU**

# GEDOPTE OF OMGEDOPTE DOPPERS?

**Ds GJ Meijer**
Wonderboompoort

Onder hierdie opskrif in *Woord en Daad* bied prof. Bennie van der Walt van die Instituut vir Reformatoriese Studies sy siening op die heersende toestand van Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die dagpers het 'n verkorte weergawe van die artikel die wêreld ingestuur. Neels Jackson skryf in Beeld (8 Januarie 1999) soos volg:

*Onder die hofie "Nominalisme of naam Christendom" sê Van der Walt dat kerkbywoning pateties geword het. Verder wonder hy hoeveel getroue kerkgangers dit bloot uit gewoonte doen – want as kerkbywoning meer plig as plesier geword het, "dan sit ons met louheid – die voorbode van die koudheid van die dood". Mooi preke en al die geskrifte oor Calvinisme beteken dan niks, omdat dit nie daagliks uitgeleef word nie. "Dan kla ons nog steen en been oor die 'swak kwaliteit' van die moderne jeug wanneer die doodsreuk hulle na ander kerke laat vlug waar daar nog warmte, blydskap en gemeenskap is".*

*Tweedens sê Van der Walt dat lidmate by die dag meer piëtisties word, die slagoffers van 'n valse soort wêreldvreemdheid. Die kern van die gereformeerde geloof is dat 'n mens God op elke lewensterrein moet dien. Die meeste preke gaan egter vandag oor die eie, persoonlike verhouding met God, "los van hierdie wêreld – asof dit moontlik sou wees".*

*Van der Walt sien derdens ook 'n gees van ontvlugting raak. Mense probeer in hul godsdiens ontvlugting soek van die ellende van hierdie wêreld.*

*Vierdens het Van der Walt dit teen kerkisme – 'n oorwaardering van jou eie kerk wat kan lei tot verskynsels soos hoogmoed, arrogansie, eksklusivisme (ons alleen het die waarheid in pag), afsydigheid, onverskilligheid, negativisme en ketterjagtery.*

*Van der Walt identifiseer in die vyfde plek 'n kerkgesentreerdheid wat veroorsaak dat die kerk net na binne gekeer is. Die kerk moet egter nie net daar wees ter wille van homself of vir die Christene nie, maar vir die ontwrigte, stukkende, siek, honger, werklose, daklose mense – "of hulle nou Christene is of nie". 'n Duidelike gevaarteken in hierdie verband is die min belangsteling in sendingwerk. 'n Kerk wat nie 'n sendende kerk is nie, is 'n sterwende kerk.*

*Die sesde diagnose is een van geestelike kortsigtigheid of visieloosheid. Van der Walt vra of daar leiding is vir lidmate om in 'n totaal ander Suid-Afrika op 'n normatief-Christelike wyse teenwoordig te wees. "Gee tog vir ons 'n positiewe, hoopvolle visie op die toekoms in plaas van voortdurende teruggrype na die verlede – asof alles toe volmaak was".*

*In die sewende plek identifiseer hy die "sterwenstrek" dat 'n kerk hom met irrelevante onbenullighede besig hou. 'n Kerk wat vergeet het wat sy prioriteite behoort te wees, kan nie kerk wees nie. Hy verwys spesifiek na die prominensie wat debatte oor die gebruik van kelkies by die nagmaal, die vrou in die ampte en die psalmberymings by die GKSA se 1997-sinode geniet het, terwyl 'n skulderkenning oor apartheid afgestem is. "Asof so 'n ernstige misdaad soos die onreg van apartheid sonder enige skuldbelydenis net vergeet en begrawe kan word!". Die GKSA spesialseer in onbenulighede, sê Van der Walt. In gemeentes gebeur dit ook. Dan word die hoogtepunt van gemeentelike bedrywighede 'n Bybelaand wanneer almal soos Jode aantrek en Bybelse kos eet, of 'n duur toer na die Bybellande. "Die susters drink sjerrie en lees poësie ... dit alles terwyl miljoene mense in ons land in die duisternis van die (tradisionele en moderne) heidendom lewe, honger ly, werkloos is, nie geld het om te leef of te studeer nie ...".*

*Van der Walt se laaste punt is rassisme. Baie Gereformeerdes het volgens hom die nuwe bedeling gedwee aanvaar, maar hulle harte het nog nie verander nie.*

*Samevattend beskryf hy die "gedopte" Dopper dan soos volg: "baie naam Christene, hemelsgerig, wêreldontvlugtend, negatief-eksklusief, eng kerkgesentreerd, visieloos, sonder Bybelse prioriteite en rassisties".*

Na aanleiding van sy "requiem" op 'n sterwende kerk plaas Van der Walt elke gelowige voor die volgende gewetensvrae:

*Is ek nie ook maar bloot 'n Christen in naam alleen nie? Wie probeer ek bedrieg? God sien*

*dwarsdeur my skynheiligheid.*

*Het ek ook van die kerk 'n kerker gemaak, 'n blote voorportaal tot die hiernamaals? Is dit nie veel eerder 'n "verversingspos" op die eerste dag van die week nie, wat my nuwe krag moet gee om gedurende ses dae met blydskap die Here in die hiernoumaals te dien?*

*Het my geloof 'n susmiddel in plaas van 'n versterkmiddel geword, my kerk 'n veilige ghetto in plaas van 'n mobilisasiepunt om in God se wêreld betrokke te wees?*

*Het ons nie al so selfingenome en selftevrede (gearriveerd) geraak dat ons nie eers meer sal agterkom dat ons besig is om ons eie doodskis aanmekaar te timmer nie? Is dit God se wil dat ek myself in 'n donker, bedompige kis moet toespyker? Is Hy nie die God van lig en lewe nie – wat ook wil hê dat ek die lewe in sy volheid sal sien en beleef?*

*Is die rede waarom ek nie 'n brandende begeerte het om God se sendingsbevel uit te voer en die ryk skat met ander te deel, nie dalk omdat ekself geestelik so arm en dood is dat ek niks het om te deel nie?*

*Poer-poer, ad hoc ek ook maar tans van dag tot dag (soso baie hedendaagse gelowiges) deur die lewe, sonder koers, sonder doel, sonder inspirasie? Leef ek ook net vir myself en my gesin?*

*Ry ek – 'n passiewe passasier – saam op die plesiertrein en druk maar my oë toe wanneer dit by 'n armoedige plakkerskamp verbysnel? Is ek 'n termometer wat bloot registreer wat rondom my gebeur – soos die wêreld lyk – in plaas van 'n termostaat wat self die temperatuur reël, 'n bietjie liefde en warmte laat uitstraal? Verwag God van my om 'n toeskouer in plaas van 'n deelnemer te wees?*

*Stry ek – omdat elke mens van nature rassistiese neigings het – daagliks daarteen? Bid ek ernstig om bekering? Betaal ek my werkers, my huishulpe wat hulle toekom? Behandel ek hulle soos mense? Besef ek dat ek 'n leuenaar is as ek sê: ek het God lief, maar ek verag, verontreg, haat my naaste?*

Reaksie op die artikel het – soos verwag kon word - nie uitgebly nie. Dr. Callie Coetzee van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom oordeel *dat die artikel meer skade as goed doen, omdat Van der Walt die kerk baie harder oordeel as wat Christus self - met verwysing na die probleemgemeente van Korinte - dit doen.* Van der Walt bly volgens Coetzee ook in *gebreke om die toets van die Bybel en die belydenis oor die merktekens van die ware kerk aan te lê. Verder maak hy hom skuldig aan growwe veralgemenings sonder dat hy bewyse lewer vir sy stellings en asof hy bewus is van wat van alle Gereformeerde preekstoele gesê word.* Prof. Koos Vorster van die Teologiese Skool Potchefstroom beaam dat daar baie *eensydighede, veralgemenings en stellings is wat nie korrek is nie.* Tog oordeel Prof. Vorster dat daar wel waarheidslemente in van der Walt se opmerkings is. Anton Jansen, wat homself as "een van 3 000 lidmate wat laasjaar sy rug op die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika gedraai het" uitgee, skaar hom tot 'n groot mate agter Van der Walt se artikel en pleit *dat die wapen van selfbedrog nie verdere verwoesting sal saai nie.*

Oor die wyse waarop kritiek teen die kerk van Christus uitgespreek word, kan daar seer seker vrae gestel word. Soekende, opboudende liefde is die wagwoord, ook as daar gekritiseer word. Dit neem egter nie weg dat Van der Walt spykers met koppe slaan nie, en dat hy sy punte van kritiek met voorbeelde toelig. Ter wille van Gods eer en die groei van Sy kerk en koninkryk, is dit wesenlik dat elke punt van diagnose ondersoek en in diepte bespreek word. Dit behoort in elke plaaslike gemeente, maar ook in die pers gedoen te word. As die skoen pas, moet hy aangetrek word. So nie, moet dit met vers en kapittel weerlê word.

## STUDIEVERSLAG OOR SEKSUELE VRAAGSTUKKE

Die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk het opdrag gegee dat 'n studiestuk saamgestel word om as getuienis te dien teenoor die morele verval in Suid-Afrika en spesifiek onder die Afrikanervolk. Die studieverslag word tans in vier aflewerings in *Konteks* gepubliseer. Enkele flitse word daaruit oorgeneem.

Die diagnose van sedelike verval word soos volg gestel: *Die Suid-Afrikaanse samelewing ondergaan tans diepgaande kultuurveranderinge. 'n Integrale deel van die kultuurveranderinge wat ons land tref, is die (dertig jaar laat) ontplooiing van die seksuele rewolusie wat Europa en Amerika reeds in die sestigerjare getref het. 'n Gevolg van die seksuele rewolusie is dat ou gevestigde norm- en waardestelsels moet plek maak vir nuwes. Die sogenaamde emansipasie van seksuele gedrag word in ons tyd ondersteun deur die mediese tegnologie wat vinnig vooruitgaan en spesifiek die ontdekking en beskikbaarstelling van hormonale voorbehoedmiddels. Ons land se strafreg word ook in ons tyd hervorm. Sekere kategorieë van aborsie wat vroeër verbode was, is reeds gewettig. Die dekriminalisering van prostitusie geniet ook tans oorweging. Studies oor seksuele patalogie en sosiologie gaan al hoe meer van die standpunt uit dat seksuele gedrag alleen met die privaat keuses van individue te make het.*

Die kerk se taak word soos volg beskryf: *Die kerk (selfs met 'n beroep op die Bybel as Woord van God) het nie meer die morele magsbasis op norme en waardes aan 'n samelewing voor te skryf nie. Die kerk kan in ons tyd mense alleen van sy saak oortuig deur goeie argumente vir sy*

*standpunte aan te voer. Die kerk staan onder die dwang om sy morele standpunte oor seksualitiet nuut te legitimeer.*

Laasgenoemde argument val Rooms op die oor, asof die kerk 'n magsbasis in homself het. Dit is (en was) nie goed genoeg om te redeneer: ecclesia locuta, causa finita – die kerk het gepraat, die saak is afgehandel nie. Alleen Gods Woord is die einde van alle teëspraak. Gebrek aan Skriftuurlike begronding laat enige saak sneuwel.

## POLIGAMIE, DITSEM!

Dit is die versugting van Christina Landman in Beeld se Godsdiens-aktueel van 14 Januarie 1999. Landman toon (kwansuis) aan dat veelwywery nie so on-Bybels is as wat tot nou toe gereken is nie. *Die Bybel is aan vroue se kant wat vir poligamie veg. Het die aartsvaders dan nie baie vroue gehad nie? Wat van Dawid en Salomo? En wat sou van Rut geword het as Boas net een vrou mag gehad het? En het Rut hom nie doelbewus gesoek nie? En meer nog, in die Ou Testament is mans gedwing om te trou met (al) die meisies met wie hulle geslaap het. En in die Nuwe testament staan daar 'n mens moet trou as jy lus het – maar wat nou as al die mans getroud is?* Landman het dit teen die kerk wat *nie aan poligamie se kant is nie. Van oudsher af het sendlinge mans gedwing om hulle "surplus"-vroue te laat gaan wanneer hulle Christene geword het. Dit het die hele samelewing ontwrig en vroue vereensaam. Maar die kerk se houding kan dalk verander..."*

Op sigself is dit 'n bedroewende saak dat die Woord van God hanteer word soos Landman dit doen. Om byvoorbeeld Salomo se poligamie as stawende argument ten gunste van veelwywery te gebruik sonder om daarop te wys dat hy daardeur die verbond met God verbeek het (1 Konings 11), getuig nie van eerbiedige en eerlike omgang met Gods Woord nie. Bowendien is dit opvallend dat die optrede van mense – sondaarmense met al hulle gebreke – as norm gestel word, en nie die wil van God nie. Die artikel laat die teendeel van ware Godsvrees deurskemer. Watter soort godsdiens en teologie is dit?

### BOEKRAK

# CALVYN EN DIE REKENAAR

**Slabbert Le Cornu**
Pretoria

'n Tydjie gelede het daar 'n besonder belangrike CDRom in Amerika verskyn: The Comprehensive John Calvin Collection.

Die uitgewers, AGES Sofware, maak tereg daarop aanspraak dat dit die volledigste versameling van Calvyn se werke in digitale formaat is.

## Werke van en oor Calvyn

- Dit bevat al die kommentare van Calvyn (uitgesonderd Samuel), sy werk oor Seneca,'n sewe volume versameling van briewe en geskrifte van Calvyn, preke van hom (oor Genesis 25-27, Psalm 119, die Godheid van Christus en Galasiers, 'n verhandeling van Calvyn oor relikwieë en een oor die voorsienigheid van God.
- Verder is door twee Engelse vertalings van die Institusie (Beveridge, Battles).
- Daar is voorts werke van kerkhistoriese aard: Beza se biografie van Calvyn, JH Merle D'Aubigne se beskrywing van die geskiedenis van die Reformasie, die werk van W Wileman (Calvyn se lewe, leer en invloed) en ook die van T Smyth oor Calvyn se vyande.

### Nog meer werke

Wat die CD se waarde nog meer verhoog, is die feit dat dit boonop die werke van Augustinus (8 volumes) en 4 Bybelvertalings (AV, ASV, Darby en La Santa Biblia) bevat.

### Lees- en soekprogram

Die lêers is geskryf met Adobe Acrobat (PDF-formaat). Die program waarmee dit gelees kan word, Adobe Reader, word saam met die pakket verskaf. Om die soekfunksie nog kragtiger te maak,is 'n plug-in, Search, bygevoeg.

### Beoordeling

Die program is besonder netjies opgestel. Daar is wel kragtiger soekprogramme beskikbaar, maar Adobe Reader is ook 'n besonder goeie program.

Vir die prys kry u beslis deur en deur waarde vir u geld.

Hier is voorwaar 'n CD wat 'n moet is vir almal wat lief is vir die Gereformeerde leer. Navorsers en liefhebbers van Calvyn kan nie langer die rekenaar en sy moontlikhede ignoreer nie.

### Koste en bestelling

Die prys van die CD is 'n baie billike R449.00 en dit kan by die volgende adres bestel word:

**Slabbert Le Cornu,**
Posbus 12303, Hatfield 0028 , Pretoria
Tel.012-3315483(h), Tel.012-3625746(w)
e-pos:slecornu@tn.co.za

# DIE NUWE OPVATTINGE OMTRENT DIE BYBEL

JD du Toit
(Totius)

*Die Kerkblad*, no. 643, 5 Maart 1929.
*Die Kerkblad*, no. 644, 19 Maart 1929.
*Die Kerkblad*, no. 645, 2 April 1929.

***Drie artikels wat Totius in1929 geskryf het, is sewetig jaar later nog aktueel ...***

In die voorlaaste *Kerkblad* het ons daarop gewys dat die Bybelkritiek in ons tyd die wonders van die Ou Testament nie meer as geloofwaardig aanneem nie. As 'n geskiedverhaal van die Ou Testament 'n wonder bevat, dan word dié verhaal verwys na die gebied van fabels en mites. Volgens die Bybelkritiek is dit mos wetenskaplik uitgemaak dat 'n wonder onmoontlik is. Hierdie nuwe opvattinge word meer en meer onder die lesende publiek bekend gestel deur tal van geskrifte wat die pers verlaat. Al die skrywers gaan nie ewe ver nie; maar hierin kom hulle ooreen, naamlik dat die ou beskouinge omtrent die Heilige Skrif nie meer geldig is nie en deur nuwes vervang moet word.

Ook in Suid-Afrika word die nuwe denkbeelde met ywer gepropageer. Wat die Hollandse Kerke betref, het die onlangse Kaapse Sinode ons laat sien wat daar in ons vaderland onder die kinders van die Reformasie gaande is. En by die Engelse kerke word ook soortgelyke verskynsels waargeneem. Onlangs is ons aandag bepaal by 'n artikel wat in die *Rand Daily Mail* verskyn het. 'n Sekere skrywer, wat hom „Vindex" noem, kondig daarin aan die verskyning van 'n nuwe boek getiteld *A Biblical thoroughfare*, geskrywe deur biskop Talbot van Pretoria. Die boek self het ons nie gelees nie. Blykbaar kom daar meer beskouinge in voor wat ons van elders bekend is. Dit interesseer ons dan ook meer om ons lesers mee te deel wat „Vindex" sê aangaande die boek van Talbot. Sodoende kry ons kennis van die lektuur wat aan die Engelse koerantlesers insake die Heilige Skrif aangebied word.

'n Opmerklike verskynsel, in verband met die propagering van die nuwe Bybelbeskouinge, is dat voorstanders daarvan in die mening verkeer dat uit hulle aksie 'n nuwe reformasie gebore kan word. Selfs skoolseuns spreek al die gedagte uit dat deur die friksie (wrywing) op godsdienstige gebied daar nuwe lewe gewek sal word. Op skool het hulle geleer dat friksie warmte, lewe en besieling veroorsaak. Nou wel, waarom sal dan uit die nuwe beweginge nie nuwe lewe vir kerk en geloof te voorskyn kom nie? Wellig word daar 'n nuwe Luther en Calvyn gebore! Dit is die redenering en verwagting van menigeen wat met die Bybelkritiek saamgaan.

Ongeveer in gelyke trant begin „Vindex" sy artikel. Hy haal aan wat iemand veertig jaar gelede geskrywe het, naamlik dat „die kanonne wat teen die kerk gerig was in een mensegeslag, in kerkklokke omgesmelt sal word vir 'n volgende geslag".

Dié profesie, meen „Vindex", het al gedeeltelik in vervulling gegaan. Ongeveer sestig jaar lank is die kanonne van Bybelkritiek teen die Skrif gerig, sê „Vindex". Sommige het dit nie gedoen juis om alles plat te skiet nie. Nee, die bedoeling was meer om deur middel van wetenskaplike ondersoek die valse tradisies aangaande die Skrif neer te werp en agter die harde feite te kom. Ander, daarenteen, het meer negatief en verwoestend opgetree. In altwee gevalle was die gevolg, volgens „Vindex", dat die kerk wakker geword het om die grondslae van die Skrifbeskouing aan 'n nadere ondersoek te onderwerp. Die kerk het gaan insien, nog altyd volgens dieselfde skrywer, dat die kanonne eintlik opgestel was teen 'n sekere verkeerde „idee" omtrent die Bybel, en nie teen die Bybel self nie. Die kerk het geglo dat die Bybel, om die Woord van God te kan wees, „van woord tot woord letterlik waar moes wees".

Die geleerdes het reg gehandel om teen dié „idee" te veg, sê „Vindex"; en die publiek begin meer en meer insien dat die standpunt van Bybelkritiek reg is, dat die geleerdes „direk na die Bybel self moet gaan om uit homself te ontdek wat hy eintlik is".

Nou is dit alles heel mooi en goed gesê, maar dit is die vraag of „Vindex" reg het om te beweer dat die geleerdes na die Bybel self gegaan het om die nodige feite op te spoor. Ons moet die bewering ten stelligste teëspreek. Reeds het ons in 'n vorige artikel aangetoon dat die Bybelkritiek 'n verhaal as geskiedkundig verwerp sodra daar 'n wonder in voorkom. Ons het toe ook aangewys dat dit erg onwetenskaplik is, want die anti-wonderteorie word *nie ontleen aan die objek van ondersoek, nl. die Bybel, self nie*. Dié teorie word ingedra van buitekant af, uit die wêreld van die natuurwetenskap. Verder, elkeen wat op hoogte is van die metodes van die Bybelkritiek, weet hoe telkens en telkens subjektiewe meninge vooropgestel word, en hoe dan dáárvoor sekere bewyse in die Skrif gesoek word. Dit noem ons geen objektiewe Skrifondersoek nie.

Vervolgens haal „Vindex" aan uit die boek van biskop Talbot. Die biskop sê dat die poginge om die feite op te spoor „groot resultate gelewer het. Sterk, positiewe en konstruktiewe gevolgtrekkinge is bereik. Die waarheid van die Bybel het ondersoek oorleef".

Maar watter waarheid? Daar kom dit op aan. Biskop Talbot antwoord met blykbare instemming van „Vindex" dit: „Alleen dit is nie

die letterlike waarheid van elke bewering (in die Skrif) as die direkte uitspraak van die Allerhoogste, gesaghebbend, sonder fout en feilloos nie". Dan volg 'n aantal verkeerde voorstellinge van die teorie van die letterlike inspirasie. „As 'n gedikteerde boek", sê ‚Vindex', word die Bybel geheel en al beskou as goddelik, en die mens se aandeel daarin word teruggebring tot 'n houding van meganiese lydelikheid". So 'n beskouing „verwar die God van wie gedink word dat Hy die slagting van kindertjies beveel het, met die God wie se koninkryk Jesus so suiwer teruggevind het in die kindertjies". Die laaste sin is dan weer woorde van biskop Talbot. Dan, „God dikteer nou nie meer nie, sodat die teorie van letterlike inspirasie sê dat die openbaring opgehou het, en dat God opgehou het om nou sy waarheid aan mense mee te deel".

Ons het nie lus om alles te vertaal wat van die letterlike inspirasie gesê word nie. Ons vra net of dit wetenskaplik is om jou nie eers op hoogte te stel van wat jou teëstander leer nie? Dit is baie maklik om 'n pop, na jou eie inbeelding gemaak, op te stel, en dit dan met klippe onderstebo te gooi. Maar is dit wetenskaplik?

Uit die paar woorde wat aangehaal is, blyk dat „Vindex" hom nie op hoogte gestel het nie van wat die Christelike Kerk leer aangaande die werksaamheid van die menslike faktor by die inspirasie, en dat hy geen rekening gehou het met die onderskeid tussen inspirasie (wat die voorreg was van die Bybelskrywers) en illuminasie of verligting, waardeur God nou wel deeglik sy waarheid aan die gelowiges bekend maak nie. Wie oor sulke fundamentele onderskeidinge heenstap en maak of hulle nie eens bestaan nie, toon dat hy min respek het vir die gevoele van sy teëstanders.

Maar ons keer tot ons uitgangspunt terug. Uit die nuwe beweging sal geen hervorming, geen Luther of Calvyn voortkom nie. Waarom nie? Om die simpele rede dat Luther en Calvyn vasgehou het aan die Skrif as die van Godsweë *geopenbaarde woord*. Dit was die een groot grondbeginsel van die Reformasie. Die nuwe mense glo dit nie maar wel „dat God Homself openbaar nie deur gedikteerde(!) woorde nie, maar deur langdurige *ervaring* van die mens, en dat die Bybel is *die teboekstelling van dié ervaring*" („Vindex").

Nou, so 'n Bybel wat die mens deur sy ervaring moet kry en deur sy ervaring moet waarmerk, is geen Bybel nie. Dit sal dan ook meer en meer blyk namate die Bybelkritiek steun gaan kry, helaas ook by die Kerk. Daarom sal ons bly vashou aan die *gesag van Gods Woord*, ook selfs *teenoor* die ervaring van die mens!

## DIE WONDERS VAN DIE OU TESTAMENT

Soos ons tevore gesien het, kom by die geloofwaardigheid van die Skrif altyd weer die wonders ten sprake.

Die bewering van die Bybelkritiek is dat die mens van ons eeu onmoontlik wonders as geloofwaardig kan aanneem.

Meer as ooit tevore word hierdie mening in die koerante en tydskrifte verkondig. Bewerings wat vroeër hoofsaaklik beperk was tot die kringe van geleerdes, word nou die gemeengoed van die groot massa.

Nou onlangs het die Engelse dagblaaie van ons land 'n vername plek in hulle kolomme afgestaan om openbaar te maak 'n uitvoerige kabelberig wat uit Engeland afkomstig is. Dáár het naamlik 'n nuwe verklaring van die Skrif verskyn onder leiding van dr. Gore, wat in die kabelberig genoem word „die grootste Engelse teoloog van ons dae". Hy word bygestaan deur vyftig ander teoloë wat „almal outoriteite is op hulle verskillende gebiede".

Volgens meegedeel word, heg hulle geen geloof aan verskillende verhale van die Ou Testament nie. Dit is ook die geval met sommige wonders uit die Evangelies, wat net so hulle goedkeuring nie wegdra nie. Tog neem hulle nog aan as „afdoende" die getuienis aangaande Christus se bestaan en sy opstanding!

Hulle trek dan veral op teen die wonders van die Ou Testament. Genesis bevat volgens hulle geen mededeling aangaande die werklike ontstaan van die aarde of begin van die mensheid nie. Ons „weet" mos, alweer volgens die nuwe segsmanne, dat die mensheid baie, baie ouer is as die noukeurig gedateerde verhale van Genesis.

Ongetwyfeld word hier ook gedoel op die snaakse kopbene wat hier en daar, ook in ons land, opgegrawe is. Eers het ons gehoor van die Boskopman, 'n ontdekking naby Potchefstroom gedoen. Toe weer van die Taungskopbeen. En nou kom koerante en tydskrifte met die berig aangaande 'n wonderlike kopbeen wat in die Springbokvlakte gevind is. Volgens hierdie „gegewens" is die mens nou meteens baie, baie ouer as wat die Bybel sê. As dan ook vanjaar die Britse geleerdes (die British Association) in ons land vergader, sal ons meer van dié kopbene hoor. Ons moet dan 'n stortvloed van ewolusiegeleerdheid verwag. Miskien kom ons dan ook later op hierdie onderwerp terug. Oor die kopbeen van Taungs en die betroubaarheid van dié vonds het ons vroeër ons mening in *Die Kerkblad* openbaar gemaak.

Is die Genesisverhaal onbetroubaar ten opsigte van die oorsprong van die aarde en die mens, dieselfde gevoele word verkondig deur die nuwe geleerdes as daar gehandel word oor die sondvloed.

Volgens kabelberig moet daar in die nuwe boek van dr. Gore dit staan: ,,Om pare van diere uit alle oorde van die wêreld op een plek bymekaar te maak, is 'n totale onmoontlikheid, afgesien nog van die vraag of 'n ark gebou kan word om hulle almal te bevat".

Onmoontlik seker vir die moderne Engelsman op sy eiland, maar seker nie onmoontlik vir die voortrekker wat selfs 'n olifantjie, as hy jonk is, kan vang as dit nodig is!

Intussen leer die Skrif ons dat ook dit nie nodig was nie. Daar staan dat die diere na Noag ,,gekom het" (Gen. 7:9). En ons kanttekening sê so ter sake: ,,Verstaan deur goddelike drywing en beskikking, sonder Noag se moeite of bekommering". Maar ja, dit is weer dié goddelike beskikking wat vir die moderne so onmoontlik is om aan te neem!

Verder word in die kabelberig nog genoem die ouderdom van Metusalag, die vuurkolom in die woestyn, die manna, die deurtog deur die Jordaan, die wonder van Jona, ens. Bo al hierdie wonders word geskrywe die woord: ,,Onmoontlik".

Laat ons nog een wonder spesiaal noem. Daar word deur dié geleerdes gesê: ,,Die fees van Belsasar is onverenigbaar met die feit dat daar geen koning Belsasar was nie". Die ,,feit". Is dit 'n feit?

Laat ons hoor wat prof. dr. Aalders in sy nuwe verklaring van Daniel hieromtrent meedeel op bl. 14 en 15: ,,Vroeger was van dezen Belsazar uit de Babyloniese bronnen in het geheel niets bekend. Men kende als laatsten koning van het Chaldeese rijk Nabonidus, en wist dat onder dezen de verovering van Babel door de Perzen een feit geworden was. Er was dus geen ruimte voor een Babyloniesen koning Belsazar . . . . Doch men heeft nadien inscripties van Nabonidus gevonden waaruit blijkt dat zijn eerstgeboren zoon Bel-sjar-oessoer heette, en daarmede was in ieder geval al de naam Belsazar histories gewaarborgd. Daarbij is het ook nie gebleven; in een andere Babyloniese bron, de z.g. Nabonidus-Cyrus-kroniek, heeft men ontdekt, dat gedurende verscheidene jaren de koning Nabonidus buitenslands vertoefde en dat in die tijd zijn zoon Belsazar met de militaire macht zich in Babylonië bevond . . . Er schijnt een vrij sterke partij geweest te zijn, die een krachtiger hand aan het roer wenste en daarom Nabonidus op een afstand hield en de blijkbaar meer militair aangelegde Belsazar met de feitelike regeermacht wist te belasten. Daaraan is het dan ook ongetwijfeld te danken dat Belsazar, hoewel hij nimmer officieel koning van Babel is geweest, in het boek Daniël toch koning van Babel wordt genoemd; want al was Nabonidus het in naam, hy was het inderdaad."

Dr. Aalders kom tot die gevolgtrekking: ,,Men ziet dus dat de Babiloniese berichten wel verre van de beschuldiging der historiese ongeloofwaardigheid te steunen, altans inzake Belsazar de mededelingen van het boek Daniël tamelik nauwkeurig bevestigen".

Ons hoop om die boek van dr. Gore later na te slaan om te sien of die geleerde samestellers werklik sê wat hierbo aangehaal is. Intussen is dit te betreur dat sulke kort berigte in koerante verskyn, waardeur twyfel moet ontstaan in die hart van menige argelose leser.

Oor die geval van Belsasar is ons nog nie uitgepraat nie. Ons kom daarop terug om die betroubaarheid van die Bybelse berig nader te staaf.

## PROTESTE TEEN SKRIFAANRANDING

Ons het die vorige keer een en ander meegedeel oor die boek van dr. Gore en sy medestanders; oor hulle aanvalle op die Ou Testament.

Daarteen het verskillende manne van naam verweer gebied. Aan die kabelberigte wat destyds openbaar gemaak is, ontleen ons die volgende.

Rev. Dinsdale Young van Westminster Hall (Londen) meen dat die boek oneindig veel kwaad sal doen. As die beweringe daarin vervat, geloof vind, sal die gesag van Christus ondermyn word, omdat Hy dikwels verwys na die Ou Testament as outentiek.

Father Woodlock, 'n vername Katolieke prediker, sê dat al Paulus se argumente verval as 'n sondige Adam nie die eerste mens was nie; want die leerstuk van die erfsonde word dan uitgeskakel. Die Oosterse (Griekse) Kerk sowel as die Roomse sal nooit die beskouinge van dr. Gore kan aanvaar nie.

Dan is daar genoem 'n eminente Engelse geestelike in Londen wat herinner aan wat die Hertog van Argyle, 'n groot geleerde, geargumenteer het teenoor Huxley insake die sondvloed. Eersgenoemde het daar nadruk op gelê dat 'n groot deel van die noordelike halfrond onder water was nadat die mens op aarde verskyn het.

Dieselfde geestelike het daaraan herinner dat daar drie duidelik bewese gevalle is van walvisse wat mense ingesluk het. Een van hulle is eers 12 uur nadat hy ingesluk is, gered.

Deels as gevolg van dr. Gore se boek, deels in verband met die ,,Bible Testimony Fellowship"-beweging, was daar ook op 4 Desember 'n groot vergadering in die beroemde Albert Hall in Londen.

Die beweging stel as eerste punt in statute ,,die aanname van die Heilige Skrif as die ten volle geïnspireerde en gans betroubare openbaring van God aan die mens, en as die hoogste gesag in alle sake van geloof en wandel". Onder die leiers van die beweging tref ons van die eerste manne aan op godsdienstige en teologiese gebied in Engeland. Daaronder noem ons dr. Dinsdale T. Young,

rev. H. Tydeham Chilvers, dr. A. Douglas Brown, sir William Ramsay, prof. A. H. Sayce en dr. Alfred T. Schofield.

Van die Desembervergadering het daar in brosjurevorm 'n verslag verskyn waarvan die *Kerkbode* 'n uittreksel gepubliseer het. Ons stem saam met die *Kerkbode*-redakteur dat „daar mooi dinge op die vergadering gesê is, maar ons moet beken dat die toesprake eintlik teleurstellend is. Dit was so 'n kostelike geleentheid dat die sprekers moeite moes gedoen het om hulle beste aan te bied, en ons kry nie die indruk dat hulle dit gedoen het nie".

Dr. FB Meyer, die nestor onder die Engelse godgeleerdes, en rev. Sam. Chadwick het egter 'n duideliker geluid laat hoor. Ons bied daarom ons lesers een en ander aan uit wat hulle gesê het. Dankbaar maak ons gebruik van die verslag van die Kerkbode. Dr. Meyer het begin deur te sê dat hy nie die gehoor wou vermoei met te verwys na die besware wat die Modernisme voorbring nie. Dié was, vele daarvan, so oud as die tweede eeu; maar hy wou veral tot die jong mense spreek en aan hulle een groot beginsel duidelik maak wat hom sy lewe lank as leidraad gedien het. „Dit is natuurlik reg (het by gesê) om ons verstand te gebruik as ons met Gods Woord te doen het. Maar die Bybel rig hom in die eerste plek nie tot ons intellek nie maar tot ons gees; en tensy 'n mens hierop let, moet hy nie verwonder wees nie as hy deur die argumente van die teenparty in verwarring gebring word. Modernisme, sover ons dit kan verstaan, rig hom tot die intellek, of, as ons die woord van Paulus moet gebruik, tot die siel; terwyl die Woord van God, die ewige waarheid, nie in die eerste plaas die verstand toespreek nie maar die gees van die mens.

Daarom sê Paulus dat die ‚siellike' (psigiese) of ‚natuurlike' mens die dinge van die Gees van God nie begryp nie, omdat hulle geestelik onderskei word. En so kom dit dat ons die Woord van God in die eerste plaas nie moet toets aan die beroep wat dit op ons verstand doen nie, hoewel dit natuurlik ook van betekenis is, maar wel deur 'n instinkmatige of intuïtiewe kennis van ewige waarheid, waartoe elke gelowige wat rein van hart is, in staat is.

„Laat my hierdie groot beginsel probeer duidelik maak met 'n opheldering. U herinner u hoe koning Richard I op sy terugreis van een van die kruistogte na Engeland deur 'n Oostenrykse edelman verlok en gevange gehou is. Vir 'n tyd was Engeland sonder 'n koning, en niemand kon ontdek wat van die koning geword het nie. Sy musiekspeler, Blondel, het toe op 'n wandeltoer na Europa gegaan met sy ghitaar, en het daarop 'n deuntjie gespeel onder die venster van die gevangenis - 'n deuntjie wat net hy en die koning geken het. Eenkeer het hy onder die venster van 'n gevangenis in Oostenryk die deuntjie gesing, en toe hoor hy die stem van die koning, wat uit die gevangenis antwoord gee, en toe wis hy dat die koning daar was. 'n Losprys is kort daarna betaal, en die koning is vrygelaat en het na Engeland teruggekeer. Op dieselfde wyse gaan die Woord van God as lieflike musiek deur die wêreld, en as die siele wat in gevangenisse deur sonde en dwaling gebonde gehou word, dit hoor, dan is daar in die gemoed 'n erkenning van die stem van God.

„Miskien kan ek 'n ander beeld gebruik. U kan na die strand gaan en op die see staar wat 'n pad bied vir die groot skepe om ons aan ander lande te verbind. Dan dink ons aan die handel en dergelike dinge. Maar in die aand gaan ons na die eensame seestrand en luister na die sagte musiek van die golwe, en ons kyk op en sien die uitspansel met die duisende sterre, en ons gedagtes word in ons vermenigvuldig, en ongemerk sprei Gods Gees sy invloed oor ons uit en ons word sy aanwesigheid by ons bewus, soos ons te midde van die gewoel in die dag dit nie gevoel het nie. So ook met die Woord van God: as ons dit wil verstaan, dan moet ons nie enkel met die verstand daartoe nader nie, maar wel in 'n geestelike stemming.

„Sal diegene van u, wat deur die leringe van Modernisme in verwarring gebring is, u nie afvra nie: ‚Bevredig hierdie Modernistiese leringe my diepste behoeftes? Verneem ek daarin hoe die afgrond tot die afgrond roep? As ek daarenteen my Bybel oopmaak, voel ek nie dat dieselfde Gees, wat gedurende sestienhonderd jare die Bybel geskrywe het, daarin nog met dieselfde stem tot my spreek, as waarmee Hy tot die eeue wat verby is, gespreek het nie? As ek hierdie skulp op my oor sit, hoor ek nie daar, in die verre en ewige musiek van die Gees van God, ook vir my bedoel nie?'

„Gedurende my lang lewe het ek geleer om onophoudelik my oor na die Bybel te keer om te luister, en daardie stem van God het keer op keer tot my gespreek."

Tot sover die toespraak van dr FB Meyer. Die rev. Samuel Chadwick het o.m. gesê: „Ons het bewys dat die Bybel geïnspireer is. Die Bybel moet nie op meganiese wyse uitgelê word nie. ‚Die saad is die Woord van God.' Die ware Woord van God is 'n lewende beginsel, 'n lewende krag, en lewe is altoos in staat om hom te adapteer. Watter nuwe waarhede mense ook mag bring, die ou Skrif sal nooit as verouderd opsy gelê word nie. In laaste instansie sal ons ons op die waarheid moet beroep, en die waarheid is daar deur die inspirasie van die Heilige Gees. 'n Woord waarmee baie in ons tyd omgespring word, is onfeilbaarheid. Hulle sê dat die Bybel nie onfeilbaar is nie. Ek sou graag wil weet wat hulle bedoel. Die Bybel is nie geïnspireer om ons teologie te leer of om u te help met die astronomiese berekeninge nie. Dit is geen handleiding tot die verkryging van tegniese kennis nie. Maar met die oog op die onderwerp waarvoor die Woord van God aan ons gegee is, is dit nog geïnspireer en is dit die onfeilbare Woord van God".

Bostaande is wel goed gesê. In hoofsaak kan ons dan ook waardeer dat dié manne gespreek het. Maar elkeen voel dat dit by sulke algemeenhede nie kan bly nie. Argument moet teenoor argument gelê word, en dan sal blyk dat die Modernisme baie beweer maar min kan bewys. Die toesprake hierbo gerapporteer is te eensydig subjektief. Ewewel is ons dankbaar dat dié manne hulle stem laat hoor het.


**FOLMER BOEKHANDEL**

19e laan 283, 0186 Villieria, Tel/Faks 012 - 329 0031
Posbus 11607, 0121 Queenswood
E-Mail: rvdk@smartnet.co.za

Ds Petrus Venter van die Gereformeerde Kerk Hoedspruit (hy het 'n beroep na die Gereformeerde Kerke Outjo-Otjiwarongo en Biermanskool aangeneem) het 18 preke laat bundel: '

**AS DAAR LIG IS, IS DAAR VRUG'.**

Dit is die tweede boek in die Ligbaken-reeks (die eerste een was van Ds Gerard Meijer: Heilig vir die Here).

Daar is vier kort preke oor die boek Rut, tien oor Daniël en vier oor die boek Maleagi, waarin elke keer duidelik gewys word na die koms van onse Here Jesus Christus en sy verlossingswerk hier op aarde.

Die prys van die boekie is R22,90.